

# SENWES Scenario

NAMPO 2017  
16-19 MEI

GRATIS

APRIL • MEI 2017

SENWES EN SENWESBEL  
NOTEER OP ZAR X

www.senwes.co.za



FOKUS OP: VILJOENSKROON

Senwes se webblad  
trek 'n nuwe baadjie aan

NAMPO

Read the Senwes Scenario in English @ [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)

Senwes S

A man with a beard and a black beanie stands with his arms crossed, wearing a dark blue, quilted work jacket. He is positioned in front of industrial equipment, including large metal tanks or pipes. The background is dark and industrial.

# THREE SIX FIVE

EVERYDAY WARM WORKWEAR

**JONSSON**  
WORKWEAR

[jonssonworkwear.com](http://jonssonworkwear.com)



10



20

# INHOUD • CONTENTS

## REDAKTEURSBRIEF

- 2 Dis Nampo-tyd!

## ALGEMEEN

- 3 Spotprent: Pieter & Tshepo
- 3 Oraloor gehoor

## HOOFARTIKEL

- 4 Senwes breaks new ground with listing on ZAR X

## AREAFOKUS

- 16 Viljoenskroon is boerewêreld

## KOLLIG

- 20 Paul Maré het 'n vennoot in Senwes op Viljoenskroon

## NUUS

- 6 Senwes wéér deel van Nasie in Gesprek by Nampo
- 6 Iets vir almal by Senwes Grainlink se stalletjie
- 7 Nampo gerat vir die volgende 50 jaar
- 8 2017 is Toit se vuurdoopjaar by Nampo
- 8 Nampo Vroueprogram
- 10 Honderde produsente stroom na 2017 Senwes Equipment Ekspo
- 12 Senwes Strategie met Francois Strydom
- 24 Senwes webblad trek nuwe baadjie aan
- 26 What is a QR Code?
- 32 Mike Mlengana: Still a devoted director-general to SA farmers
- 38 Spilpunt in 'n japtrap in kuierpunt omskep

- 40 Ken jou Certisure personeel – Carla Wise

## HANDELSNUUS

- 15 Antoon Smalberger: Nuwe JCB Verkoopsbestuurder by Senwes Equipment
- 27 How farmers can be more fire-smart
- 28 Chantelle De Andrade: Diens met 'n glimlag in Viljoenskroon
- 30 Sakkie Joubert geniet dit om probleme op te los
- 34 Eddie Morrison: Steeds jou gesoute Hinterland wapenkenner by Nampo en Bothaville
- 36 Rentevrye lenings aan trusts
- 39 Agri-Hertzogville wins R10 000 from John Deere Finance

## RUBRIEKE

- 42 Safex Scenario's met Susari
- 46 Graanmarkvooruitsigte
- 49 Druppels op die dak
- 51 Kolskoot
- 52 'n Boer maak 'n plan
- 54 Future focus
- 57 Kos vir die siel
- 59 Tuinwenke

## KOMPETISIES

- 58 Wen 'n kopie van Leandie du Randt se nuwe boek
- 59 Wen met Hannon
- 60 Wen 'n kopie van *Jou voetpad na vrede*

## VROUE

- 60 Milanie Vosloo



## OP DIE VOORBLAD

IN HIERDIE UITGAWE pryk ons Senwes Hoof Uitvoerende Beamppte, Francois Strydom en die Hoof Uitvoerende Beamppte van ZAR X, Etienne Nel op die voorblad. Die foto is geneem tydens 'n spoggeleentheid toe Senwes en Senwesbel in Februarie die eerste maatskappy geword het wat op Suid-Afrika se eerste adisionele effektebeurs genoteer het.

Met NAMPO Oesdag om die draai het ons 'n klompie berigte oor die landbouskou en ons fokus op Toit Wessels wat vir die eerste keer die hooforganiseerder by Nampo is. Die volledige damesprogram is ook te sien in dié uitgawe, wat na 'n afwesigheid van 'n paar jaar weer sy terugkeer tot die landbouskou maak.

Ons fokus op Viljoenskroon en in Kollig fokus ons op staatkamer produsent in dié omgewing, Paul Maré. Lees hieroor en nog baie meer in die April/Mei uitgawe van *Senwes Scenario*.

<http://fwd2.co/ScenarioApple>



<http://fwd2.co/ScenarioGoogle>



Lees die Senwes Scenario aanlyn in Afrikaans en Engels by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za) of laai die Scenario toepassing af.

'Like' ons Facebook-blad by [facebook.com/ReadScenario](https://www.facebook.com/ReadScenario) en volg ons op Twitter by [@ReadScenario](https://twitter.com/ReadScenario)

Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke tweede maand vir relevante maatskappy- en bedryfsnuus. **Teken in by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).**





## Dis Nampo-tyd!

DIS WEER DAARDIE TYD VAN DIE JAAR, NAMPO-TYD! DAAR SAL TALLE NUWIGHEDDE BY HIERDIE LANDBOUSKOU WEES, WAT VANJAAR 'N NUWE FASE BETREE TER AANVANG VAN DIE VOLGENDE 50 JAAR. DIT BETEKEN DAN OOK DAT DIT TYD IS VIR NASIE IN GESPREK, SENWES GRAINLINK EN ANDER AKTIWITEITE WAT BY HIERDIE JAARLIKSE INSTELLING OP DIE LANDBOUKALENDER AANGEBIED WORD.

**V**ir baie produsente is Afrikaans die taal van keuse en net om al die *Senwes Scenario* lesers te herinner dat, buiten hierdie gedrukte uitgawe, daar ook 'n volledige Afrikaanse sowel as 'n Engelse aanlynweergawe beskikbaar is. Dan het Senwes ook 'n nuwe webblad in Afrikaans en Engels (lees op bl 24).

Kom ons erken dit nou maar in swart op wit. Engels, die ou Britse taal, is nou nie juis een van die tradisionele Suid-Afrikaanse produsente se sterk punte nie.

Ek dink hieraan na aanleiding van 'n paar kongresgangers by die onlangse Graan SA kongres by Nampo Park, wat die oorfone geraadpleeg het as bron om die vertaalde weergawe

van sekere sprekers te hoor.

Maar hoe sê die kenners daar buite, as jy dinge maklik wil leer, hou dit relevant en breek dit op in hanteerbare stukies.

Kom ons neem reën as voorbeeld, waarmee ons in Februarie ryklik geseën is.

Dink maar net aan daardie onweerstaanbare reuk van nat grond wat tydens 'n reën bui enige produsent lekker laat glimlag en net agter 'n trekker wil laat inklim.

Die Engelse ekwivalent is *Petrichor*! Dit is die aardse reuk, veral as reëndruppels op kurkdroë grond te lande kom. Die woord is saamgestel uit twee basiswoorde. Eerstens *Petra*, wat steen beteken, en die tweede deel *ichor*, wat in die Griekse mitologie die vlocestof is wat in die are van gode vloei. In Afrikaans sou ons sommer sê dis die reuk van Godswater.

Produsente is sekerlik die grootse liefhebbers van reën in die ganse heelal. *Pluviophile* beteken presies dit - om 'n liefhebber van reën te wees! *Pluvio* is 'n Latynse woord wat reën beteken en soos ons op skool geleer het, beteken *phile* na die woord dat dit 'n persoon is wat die aksie uitvoer. Daarom is *Pluviophile* die persoon wat genot vind en sielevreugde ervaar gedurende reënerige dae.

Ons hoop dat die reën rekordoste teweeg sal bring. Maar hieroor vertel ons Senior Graananalisis, Thys Grobbelaar ons meer in hierdie uitgawe.

*Aubrey Kruger*  
REDAKTEUR

### HOOFREDAKTEUR

Marlon Abrahams

Tel: 018 464 7349

[marlon.abrahams@senwes.co.za](mailto:marlon.abrahams@senwes.co.za)

### REDAKTEUR

Aubrey Kruger

Tel: 018 464 7449

[aubrey.kruger@senwes.co.za](mailto:aubrey.kruger@senwes.co.za)

### ADVERTENSIES

Mariëtte Hugo

Tel: 018 464 7505

[mariette.hugo@senwes.co.za](mailto:mariette.hugo@senwes.co.za)

### ONTWERP EN UITLEG

Mercia Venter

[mercia.venter@senwes.co.za](mailto:mercia.venter@senwes.co.za)

### MEDEWERKERS

Ds Carel Botma, Ds Willie Botha, Lucas Coetsee, Carl Fourie, Japie Fransman, Thys Grobbelaar, Jenny Matthews, Susari Geldenhuys, Gerrit Oosthuizen, Jan Serfontein en Milanie Vosloo.

### SUBSKRIPSIE

Marie Erasmus

Tel: 018 464 7568

Faks: 018 464 7772

[marie.erasmus@senwes.co.za](mailto:marie.erasmus@senwes.co.za)

### EIENAAR

Senwes,

Posbus 31,

Klerksdorp,

2570

Tel: 018 464 7800

### DRUKWERK

Typo

Tel: 011 402 3468



- Alle regte van die inhoud van *Senwes Scenario* word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.



## EWN NUUS

Rakende die vloede die afgelope tyd: Mens dink so baie aan die positiewe aspekte van reën vir die landbousektor, maar die feit is dat daar gewoonlik 'n ander kant van die muntstuk te voorskyn kom.

“OP Donderdag, 2 Maart 2017 is motoriste wat van die Gillyooly's-afrit gebruik gemaak het, veral deur die vloede getref. Gebiede wat getref is sluit in Randburg, Roodepoort en Alberton waar ten minste 20 huise geaffekteer is.”

## PAUL MARÉ

Senwes produsent

“ONDERSTEUN die ouens wat aan jou diens verskaf en wat naby jou is. As dit met hulle goed gaan, gaan dit ook goed met jou - want indirek is hulle mos ook jou vennoot.”

## MIKE MLENGANA

Direkteur-Generaal van die Landboudepartement

“ONS moet almal bydra tot die ontwikkeling en evolusie van die landboustrategie. Ons gaan nie meer in 'n kantoor sit en vir jou beplan, sonder jou nie.”

## DS QUINTUS SCHOLTZ

NG Kerk Doringkruin

Tydens die opening van die 2017 Graan SA Kongres.

“EK wil vir elke boer vra, wat is jou prioriteit? Want as jy weet

## Pieter & Tshopo



wat jou prioriteit is, dan weet ek wat is jou identiteit. Ek wil sê die tyd is nou! Loop saam met Jesus, volg Hom en wees burgers van die ewige lewe.”

## GREGORY SMITH

Navorsingsassistent by Agri SA, Department: Natuurlike Hulpbronne

“DIE kommer met betrekking tot skaliegasontwikkeling is realisties, verstaanbaar en kan nie geïgnoreer word nie. Water is die lewensbron van boerderygemeenskappe en dit is belangrik om begrip te hê vir moontlike toekomstige konflikte van belang en die aanbevelings wat gemaak is om potensiele risiko's te verminder.”

## KOBUS VISSER

Direkteur Korporatiewe Skakeling, Agri SA

“DIE grondbesettingsuitsprake wat uit verskeie oorde gepropageer word en die afgelope tyd in die media gerapporteer is, is ten sterkste deur Agri SA se Landelike Beveiligingskomitee veroordeel tydens 'n onlangse vergadering met 'n hoëvlak polisieafvaardiging.”

## STAAN PRODUSENTE BY IN DROOGTETYD



Die Agri SA Droogte-rampfonds het jou hulp nodig.

## MAAK SÓ JOU DONASIE

Donasies kan gemaak word via die webblad [www.droogte-rampfonds.co.za](http://www.droogte-rampfonds.co.za) met verskeie betalingswyses soos EFT, Kredietkaart, Tjek- en Debietkaart, Kits, EFS, SnapScan of Premietarief SMS teen R30 per sms.

## HOEKOM MOET EK BYDRA?

Senwes doen 'n beroep op alle besorgde Suid-Afrikane om ons producente by te staan, aangesien hul bydrae krities is vir die voedselsekureit van ons land en die plattelandse ekonomie.

## MIKE MLENGANA

Direkteur-Generaal van die Landboudepartement

“DIT is gevaarlik om met 'n persoon te werk wat min kennis en baie mag het. Ek is van mening dat die persoon wat werklik mag het, die persoon is wat 'n diens lewer aan ander.”

# SENWES BREEK NUWE GROND met notering op ZAR X

SENWES NEEM DIE LEIDING OM VAN LANDBOU 'N NUWE BATEKLAS TE MAAK.

**S**enwes en sy houermaatskappy, Senwesbel, was die eerste maatskappy wat op Suid-Afrika se eerste addisionele aandelebeurs in amper 60 jaar genoteer het tydens 'n funksie wat op 20 Februarie 2017 by ZAR X se kantore in Bryanston gehou is.

Senwes Groep HUB, Francois Strydom, sê dat die geleentheid 'n belangrike dag in die geskiedenis van beide die Senwes Groep en ZAR X is. "Die feit dat ons eerste op Suid-Afrika se nuwe aandelebeurs genoteer het, bewys die waarde wat ons heg aan innovasie tot voordeel van ons belanghebbers en die land in die algemeen. Alles wat ons doen is gefokus op die verskaffing van baanbrekende, geïntegreerde oplossings vir voedselprodusente en ander rolspelers in die voedselwaardeketting, ten einde 'n kompeterende voordeel teweeg te bring vir alle betrokkenes.

"Op hierdie wyse kan ons die volhoubaarheid van die bestaan van die gemeenskap, die omgewing en sosio-ekonomiese ont-

wikkeling van die gemeenskap waarin ons besigheid bedryf, verseker. ZAR X se vars en praktiese benadering tot notering het ons van 'n nuwe, bekostigbare en lae risiko-manier voorsien waarop ons ons strategie kan dryf en, in die proses, addisionele waarde te ontsluit vir ons bestaande aandeelhouders. Ons breek gesamentlik nuwe grond vir landbou in Suid-Afrika," sê Francois.

Francois voeg ook by dat: "Die voordeel van die aankoop van aandele op 'n gelisensieerde aandelebeurs vir die belegger is dat 'n groter poel kapitaal na die mark kom, wat beteken dat pensioenfondse en effeketrusts byvoorbeeld Senwes aandele kan koop. Die voordeel vir die belegger is dat die aandeel meer likied is. Die ZAR X voordeel is dat die platform 'n veilige omgewing bied waarin aandele elektronies verhan-

del kan word; dit is 'n papierlose omgewing en gebeur op 'n intydse basis. Aandeelhouders kan ook die Senwes aandeelprys gratis sien op die ZAR X webblad."

**ZAR X HUB, Etienne Nel, sê** dat die notering van die Senwes Groep nuwe grond breek in 'n aantal gebiede van die Suid-Afrikaanse besigheidslandskap. "Meer as twintig jaar se ondervinding in oor-die-toonbankverhandeling by BJM het ons laat besef dat daar 'n behoefte in die Suid-Afrikaanse kapitaalmark is vir addisionele produkte met 'n nuwe benadering tot notering en derhalwe verhandeling. Vraag en aanbod het fundamentele markkragte in werking laat tree, tesame met prysbepaling van sagte-kommoditeite," sê Etienne.

Etienne voeg by dat: "Hedendaagse landboubesighede is gefokus op waardeskepping vir alle belanghebbers. Landbou word derhalwe 'n belangrike bateklas vir beleggers, wat natuurlik 'n opbrengs wil verdien en terselfdertyd 'n sosiale impak wil maak. Senwes is dus 'n ideale beleggingsvoertuig en ons is trots daarop dat, deur dit in staat te stel om te noteer deur ons vereenvoudigde wyse van aandeelverhandeling, ons 'n presedent skep vir Suid-Afrikaanse landbou om toegang te verkry tot groeifondse wat normaalweg slegs bekombaar is via tradisionele bankfinansiering."



Senwes en Senwesbel se aandele verhandel op 'n gelisensieerde beursplatform, ZAR X sedert 20 Februarie 2017.  
<http://senwes.co/zarx>



Senwes Groep HUB, Francois Strydom, lui die klok by die ZAR X beurs om die notering van Senwes en Senwesbel op ZAR X aan te dui. By hom is Senwes Groep Hoof Finansiële Beampte, Corné Kruger, Senwes Voorsitter, Danie Minnaar en ZAR X HUB, Etienne Nel.

Vir meer inligting, kontak asseblief vir Elmarie Joynt, Senwes Groep Regsadviseur en Groep Maatskappysekretaris by tel: 018 464 7104 of per epos haar by [Elmarie.joynt@senwes.co.za](mailto:Elmarie.joynt@senwes.co.za)





## NUUT



### Geelmielies

**DKC71-44B**

**DKC71-42**

**DKC74-74BR**

**DKC74-26R**

**DKC68-56R**

**DKC68-58BR**

**DKC64-54BR**

**DKC65-52BR**



### Witmielies

**DKC76-61B**

**DKC63-53**

... saam vorm jul 'n vennootskap van kennis wat sal sorg vir die regte kultivarkeuse sodat jy kan uitsien na 'n suksesvolle oes. Met DEKALB®-saad as deel van jou boerdery, gerugsteun deur Monsanto se navorsing, tegnologie en professionele advies, word jou verwagtinge keer op keer oortref. Monsanto se uitstekende wit- en geelmieliebasters is aangepas ooreenkomstig jou unieke behoeftes en omgewing en dra so by tot volgehoue sukses en 'n hoër opbrengs.



Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of  
**customercare.sa@monsanto.com**

 **www.monsanto.com**

 **www.facebook.com/MonsantoCo**

 **www.twitter.com/MonsantoCo**

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



MONSANTO



# Senwes wéér deel van Nasie in Gesprek by Nampo

Nasie in Gesprek

SENWES IS VAN- JAAR WEER EEN VAN DIE BORGE VAN DIE LAND SE TOONAANGE- WENDE LANDBOU- PROGRAM, NASIE IN GESPREK, WAT REGSTREEKS VANAF VERSKEIE PLATFORMS SAL UITSAAI GEDURENDE DIE NAMPO OESDAGFEES WAT VANAF 16 TOT 19 MEI AANGEBIED WORD.

« MARLON ABRAHAMS EN AUBREY KRUGER

**D**ie reeks, wat nou al vir die laaste vier jaar uitgesaai word, het in belangrikheid gegroei tot een van die grootste rolspelers in die bedryf en hoofstroom ekonomie. Vanjaar kan kykers uitsien na paneelbesprekings met onder meer die volgende temas:

BORGE VAN NASIE IN GESPREK OP NAMPO 2017

PLATINUM VENNOTE



AFGRI

MONSANTO



VIP AREA

Hinterland

GOUE VENNOTE



FASILITEITE



VOERTUIG



Finansies: Arbeid, Diversifikasie en Beplanning; Van Kommoditeite tot die Handelsmark; Die Rol van Raadgewers, Tegnologie en Grondgesondheid; Ystervroue in Landbou; Fokus op Jeug; 'n Toekoms in Landbou; Die Politieke Wil asook Suksesvolle Transformasie-inisiatiewe.

Hierdie onderwerpe sal gefasiliteer word deur 'n aantal geloofwaardige aanbieders en gaste soos: *Carte Blanche* se Derek Watts; 702 en Cape Talk se Eusebius McKaiser; die voormalige Nasie in Gesprek gasaanbieder en media-kenner Jeremy Maggs; die HUB van Galileo Capital, Theo Vorster asook die voormalige politikus en huidige voorsitter van die In Transformation Initiative, Roelf Meyer; *Money Talk*-aangebieder Bruce Whitfield; Nasie in Gesprek se mede-aangebieder Mpumelelo Mkhabela en Power FM persoonlikheid, Andile Khumalo.

Suzanne Paxton van RSG sal elke dag om 07:00 en weer om 13:00 regstreeks vanaf Nasie In Gesprek vanaf Nampo uitsaai.

Van die belanghebbendes wat in hierdie reeks verteenwoordig gaan word, sluit in verteenwoordigers van denkleiers in die bedryf soos Senwes, Monsanto, AFGRI, Engen en Nedbank. Vanjaar se produksie van Nasie in Gesprek by die Nampo Oesfees is moontlik gemaak deur die volgende borge: Senwes, AFGRI, Nedbank, Monsanto, Hinterland, Engen, Imperial Isuzu en Graan SA.

Besoek die Nasie in Gesprek webtuiste by [www.nasieingesprek.co.za](http://www.nasieingesprek.co.za) en laai die toepassing af om by die gesprek aan te sluit.



## IETS VIR ALMAL BY SENWES GRAINLINK SE STALLETJIE

**INDIEN JY OOI**t gewonder het hoe 'n graansilo lyk en hoe die masjienerie daarbinne werk, moet jy verseker 'n draai by die Senwes Grainlink stalletjie maak. Kom kyk na ons skaalmodel van 'n silokompleks en geniet ook 'n 360 virtuele realiteits toer deur 'n silo om die graanhanteringsaktiwiteite te ervaar. Ons kundige graanverkrygers sal u oudergewoonte van advies bedien en die nuutste graanpryse en verwagte tendense met u bespreek.

Verder is die gewilde markspelletjie terug. Kom speel saam en staan 'n kans om een van vier handige weerstasies te wen. Hierdie toestelle monitor onder andere reënval, temperatuur en humiditeit 24 uur per dag, terwyl die data elektronies bewaar en afgelaai kan word.

Met die hedendaagse stortvloed van toepassings, webblaaie en ander besigheidsapplikasies, bied ons 'n gerieflike hulpmiddel in die vorm van QR-kodes wat jou direk na die verlangde applikasie sal neem. Ons vriendelike span staan reg om jou behulpzaam te wees met die opstel en gebruik van hierdie nuttige tegnologie. Ons nooi jou uit om ons stalletjie te besoek en al die interessantheide te kom geniet.



# Nampo gerat vir die volgende 50 jaar

SPOG MET 'N NUWE BAADJIE EN TALLE NUWIGHEDDE IN 2017

MET DIE GESKIEDKUNDIGE 2016 NAMPO OESDAG WAARTYDENS DIE 50-JAARVIERINGE NATUURLIK DIE BOTOON GEVIER HET, HET NAMPO DIE PAD OMTRENT UITGELÊ VIR DIE VOLGENDE 50 JAAR MET TALLE NUWIGHEDDE BY DIE 2017 NAMPO OESDAG, WAT VANJAAR VAN 16 TOT 19 MEI PLAASVIND.

« AUBREY KRUGER

**D**ie bestuurder van Nampo in 2017, Du Toit Wessels, noem dat die eerste merkbare verandering die kenteken van Nampo is. Die bemarkingspan het met 'n verfrissende nuwe kleur en geur vorendag gekom met omtrent al die kleure onder die son, wat 'n lewendige voorkoms aan die kenteken gee. Wessels verklaar dat hulle ook die Graan SA logo baie uniek en 'funky' by die Nampo logo geïnkorporeer het. "Nampo

is immers een van die beste handelsmerke in landbou," bevestig Wessels.

Nog 'n nuwe ding is natuurlik die leuse - *Ontvou die toekoms* - oftewel *Unfold the future* in Engels. Dit weerspieël die nuwe visie van Nampo, koppelend met die volgende halfeeu wat Nampo tegemoet gaan en waarvan die nuutste innovasie, tegnologie en inligting deel vorm. Hierdie nuwe leuse pas ook mooi by die nuwe kleurvolle handelsmerk van Nampo 2017.

'n Ander nuwe geur is dat die fees weer met 'n damesprogram pronk vir die eerste keer sedert 2014. 'n Voormiddagprogram (09:30 tot 13:00) sal aangebied word, wat dan aan vrouens die kans sal bied om ook bietjie rond te stap.

Dan is daar ook 'n nuwe 4x4-baan vir vierwiel motorfiets en 'side-by-sides' wat naby die saadplotte by die Suidhek sal plaasvind.

Buitelandse uitstallers is ook in hulle getalle daar met Kanada (met selfs 'n Kanadese pawiljoen), die Verenigde Koninkryk, Indië en Rusland die nuwelinge, bo en behalwe die buitelanders waaraan ons al gewoond geraak het oor die laaste paar jaar, naamlik Argentinië/ Israel/ Verenigde State van Amerika asook Italië. Daar sal vanjaar meer as 700 uitstallers wees.

Radiostasies is daar ook te kies en te keur, met Pretoria FM wat ook aan boord is. Nog 'n radio-

stasie is in die pypplyn, sowel as verdere radiostasies wat die immergewilde landbougespreksprogram, Nasie in Gesprek, sal dek.

Dan het die Toyota Veeplaas GSA Afslerskompetisie vanjaar 'n internasionale kleur en die wenner sal teen die wenner van Namibië, Botswana, Argentinië en die VSA meeding. Daar sal ook internasionale keurders in aksie wees.

Nog 'n bykomende innovering is die doelwit om na 'n kontantlose omgewing te beweeg met *Masterpass* en vanjaar sal die eerste oorgangsjaar wees vir die implementering van die stelsel. Die verhouding is tans 20/80%, met 20% wat hulle kaartjies voor die tyd aanskaf. Die doelwit is om meer na 'n 50/50% verhouding te beweeg met die ideaal natuurlik 80% wat voor die tyd hulle kaartjies bespreek.

Vanjaar is die toegangsgeld vir die Dinsdag en Vrydag R100, betaalbaar by die hekke en die Woensdag en Donderdag beloop hekgelde R110. Jy betaal egter 'n volle R15 minder per kaartjie mits jy reeds voor die tyd jou kaartjies by Ticketpro koop, wat beteken dat die toegangsfooi slegs R85 vir die Dinsdag en Vrydag beloop en R95 vir die Woensdag en Donderdag. Die hekke is daaglik oop van 07:00 tot 17:00 - so, kom geniet Nampo in al sy glorie in 2017.

Vir meer inligting besoek [www.nampo.co.za](http://www.nampo.co.za) of [www.ticketpro.co.za](http://www.ticketpro.co.za). 



## VROUEPROGRAM

aangebied in die GL Events-tent

| DINSdag – 16 Mei 2017   |                                                                                                                                                          |
|-------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 9:45                    | <b>Sielskos vir die dag</b> – Retha de Villiers<br><i>Revive our hearts South Africa</i>                                                                 |
| 9:55                    | <b>Plaaskombuis</b><br>Elma Postma en Arina du Plessis van Landbouweekblad<br><i>Appels (tert, slaai en sop)</i>                                         |
| 10:55                   | <b>Standard Bank-gesprekke</b><br><i>Moving forward</i>                                                                                                  |
| 11:00                   | <b>Mooi storie</b><br>Lizz Meiring<br>geborg deur Standard Bank                                                                                          |
| 12:00                   | <b>My plek of joune</b><br>Isabel Barends<br><i>Dekor 101: Só pak jy dekor aan</i>                                                                       |
| WOENSDag – 17 Mei 2017  |                                                                                                                                                          |
| 9:45                    | <b>Sielskos vir die dag</b> – Retha de Villiers<br><i>Revive our hearts South Africa</i>                                                                 |
| 10:00                   | <b>My plek of joune</b><br>Isabel Barends<br><i>Toorkrag van 'n verfkwas</i>                                                                             |
| 11:00                   | <b>Plaaskombuis</b><br>Elma Postma en Arina du Plessis van Landbouweekblad<br><i>Mielies (polenta, paptert, wafels)</i>                                  |
| 11:55                   | <b>Standard Bank-gesprekke</b><br><i>Moving forward</i>                                                                                                  |
| 12:00                   | <b>Mooi storie</b><br>Lizz Meiring<br>geborg deur Standard Bank                                                                                          |
| DONDERDag – 18 Mei 2017 |                                                                                                                                                          |
| 9:45                    | <b>Sielskos vir die dag</b> – Retha de Villiers<br><i>Revive our hearts South Africa</i>                                                                 |
| 10:00                   | <b>Plaaskombuis</b><br>Elma Postma en Arina du Plessis van Landbouweekblad<br><i>Vleis (kerrie, boerewors, sosaties)</i>                                 |
| 10:55                   | <b>Standard Bank-gesprekke</b><br><i>Moving forward</i>                                                                                                  |
| 11:00                   | <b>Mooi storie</b><br>Lizz Meiring<br>geborg deur Standard Bank                                                                                          |
| 12:00                   | <b>My plek of joune</b><br>Isabel Barends<br><i>Divas doen dit self – basiese DDS-hulpmiddels en hoe om dit te gebruik</i>                               |
| VRYDag – 19 Mei 2017    |                                                                                                                                                          |
| 9:45                    | <b>Sielskos vir die dag</b> – Retha de Villiers<br><i>Revive our hearts South Africa</i>                                                                 |
| 9:55                    | <b>Standard Bank-gesprekke</b><br><i>Moving forward</i>                                                                                                  |
| 10:00                   | <b>Mooi storie</b><br>Lizz Meiring<br>geborg deur Standard Bank                                                                                          |
| 11:00                   | <b>My plek of joune</b><br>Isabel Barends<br><i>Die duiwel is in die detail – hoe om dekor af te rond.</i>                                               |
| 12:00                   | <b>Plaaskombuis</b><br>Elma Postma en Arina du Plessis van Landbouweekblad<br><i>Suiwel (melktertgevulde pannekoek, melkkoos, macaroni-en-kaasskywe)</i> |

# 2017 is Toit se vuurdoopjaar by Nampo

VANJAAR IS NOU WEL AL DIE 51STE NAMPO JAAR, MAAR DIT IS DIE EERSTE JAAR WAARIN TOIT WESSELS DIE LEISELS OORNEEM AS HOOFORGANISEERDER VAN NAMPO. ONS HET BY HOM GAAN UITVIND OOR WAT SY VISIE VIR DIÉ LANDBOUSKOU IS.

**M**et die intrapslag vertel hy dat sy doelwit nie uitsluitlik is om die rekord besoekersgetalle na te jaag nie. Dit nadat die 2016 Nampo 'n rekordgetal van 75 116 besoekers gehad het. “My visie is eerstens om besigheid te genereer.”

Die 57-jarige is al sedert 2012 by Graan SA betrokke, waar hy begin het as streekskoördineerder in die Kaap en gevorder het tot assistent-bestuurder: bemaking van Nampo. Hy behartig ook die Kaapse kantoor, wat hom perfek voorberei het vir sy nuwe rol.

Toit het al baie ander rolle vervul, soos voorsitter van die Heidelberg Boerevereniging, president van die Heidelberg Landbousskou, direkteur by Sentraal Suid-Kaap Koöperasie en graanverkryger en graanhandelaar in die Swartland en Suid-Kaap. Daarbenewens was hy ook al in sy loopbaan 'n bestuurslid van die grootste skou in die Kaapprovinsie, die Swartlandskou, en ook die president van Agri-Expo.

Oor sy toekomsvisie is hy duidelik: “Nie groter nie, maar beter. Dit neem reeds meer as twee dae om sorgvuldig deur die skou te stap,” vertel Toit. Hy vul dit aan dat die skou 'n landbousskou sal bly, waar die doelwit is om “alles te optimaliseer.”

Toit Wessels het in Heidelberg

in die Kaap grootgeword het, waar hy ook aan die Hoërskool Heidelberg gematrikuleer het. Hy het op 'n plaas in die distrik grootgeword en het 'n B.Agric Admin-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Soos uit sy CV blyk, is landbou sy passie en het hy ook op die plaas, Brakfontein in Heidelberg geboer.

Een ding is vir hom seker: “Nampo is die grootste bemakingsgeleentheid vir Graan SA en die bestaande resept werk.”

Hy bedryf sake uit Pretoria aangesien dit logisties makliker is, met nagenoeg 80% van die besigheid wat in die Gauteng omgewing behartig word.

Hy word vanjaar goed bygestaan deur die voormalige organiseerder van Nampo, Johan Loxton, wat vanjaar as mentor optree. Johan het 20 jaar se ondervinding en was vir 18 jaar die hooforganiseerder van die Nampo Oesdag.

Laastens sien Toit uit om die Nampo Oesdag uit te bou as “dié geleentheid in Afrika wat geen persoon in landbou wil mis nie.” Een van sy grootste uitdagings is om op hoogte te bly met nuwe tegnologie, asook om die behoeftes van die Graan SA landbouge-meenskap te bepaal. ●



## FXR 17-360

VEILIGSTE LEWENDEHAWE TROK

DEMONSTRASIE MODELLE

HANDRAT | LYS PRYS

**R1 028 098**

SPEIALE AANBOD

**R884 562**

OUTOMATIES | LYS PRYS

**R1 258 098**

SPEIALE AANBOD

**R931 920**



Bak ingesluit



Bak ingesluit

## NPR 400

SPEIALE AANBOD

HANDRAT | LYS PRYS

**R435 781**

SPEIALE AANBOD

**R367 769**

AMT | LYS PRYS

**R451 781**

SPEIALE AANBOD

**R379 320**

**IMPERIAL TRUCK CENTRE**

**... jou No.1 keuse trok handelaar**

**IMPERIAL**  
TRUCK CENTRE  
087 135 2069  
NASIONAAL

**Lereko**  
Motors  
BLOEMFONTEIN  
087 135 0426  
S 29° 9' 23.04" E 26° 10' 53.256"

**ISUZU**  
TRUCKS

Koelkas, Karkas hangers, paneelwaens en insleepvoertuie in voorraad. Bakwerk pryse op aanvraag. 2.5 - 14 ton eenhede beskikbaar. Pryse uitsluitend van BTW. Terme en Voorwaardes geld. Beperkte voorraad.





# Honderde produsente stroom na 2017 Senwes Equipment Ekspo

DIE 2017 SENWES EQUIPMENT EKSPLO WAS PROPVOL AKSIE OP WOENSDAG, 8 FEBRUARIE EN DONDERDAG, 9 FEBRUARIE MET NIE MINDER NIE AS 600 PRODUSENTE WAT ELKE DAG NA NAMPO PARK NABY BOTHAVILLE GESTROOM HET.

« AUBREY KRUGER

**T**yd vir aksie op die spreekwoordelike rooi tapyt. Kompleet soos 'n modeparade het die een trekker en implement na die ander gevolg en met flitsende ligte en kameras was die kollig op dié groot menere in landbou. Verskeie produkte van John Deere, JCB, Rovic Leers, Falcon, Lemken en Orthman is voor die skare geparedeer met kenners wat demonstrasies behartig het en inligting verskaf het. Verskeie verteenwoordigers van verskaffers het produsente ook meer oor die geskiedenis van hulle produkte en maatskappye vertel.

*Die demonstrasies was 'n hoogtepunt. Hier wys die JCB manne die fynere kunsies van hul modelle.*

## DAMESPROGRAM

Daar was ook 'n volledige damesprogram met die sangeres, Irene-Louise van Wyk, wat 'n paar treffers in die Sampisaal gesing het. Dan het die bekende akteur en motiveringspreker, Leandie du Randt, ook onder andere 'n draai gemaak om die dames toe te spreek.

Hier is 'n paar van die foto's wat by die 2017 Senwes Equipment Ekspo geneem is! ●

*Ferdi Pieterse, Uitvoerende Bestuurder van Senwes Equipment, praat met trots oor die 2017 Senwes Equipment Ekspo.*



*Matthew Barkas, JCB se Gebiedsbestuurder: Afrika, was ook een van die sprekers tydens die Ekspo.*






Die dames by Senwes Equipment bring die John Deere grassnyers kompleet soos modelle in! Van voor is Ralie Fourie, Cathleen Powell, Sanet Basson en Muriel van Aswegen.



*Senwes*  
equipment

Meer as 600 produsente het elke dag van die 2017 Senwes Ekspo bygewoon. Modelle van talle verskaffers is voor die produsente paradeer.



① Ds Jackie van Zyl open die eerste dag op gepaste wyse.

② Steve Thurtell (Falcon)

③ Lucas Groenewald (John Deere)

④ Carel Munnik (Lemken)

⑤ Willie Human (Rovic Leers)

⑥ Brian Nieuwoudt (Orthman)



Die takbestuurder van Hartbeesfontein, Jana van der Westhuizen, en aktrise Leandie du Randt en die sanger Irene-Louise van Wyk. Leandie en Irene-Louise het tydens die verrigtinge vir die vrou opgetree.



Aksie, aksie, aksie soos produsente model op model bekyk!

Lemken se modelle was ook daar.



Falcon was ook teenwoordig.



# Senwes Strategie

## met Francois Strydom

2017 IS REEDS VOLSTOOM AAN DIE GANG EN DIT IS WEER TYD OM SENWES SE STRATEGIE OP DIE TAFEL TE PLAAS OM DIE PAD VORENTOE DUIDELIK UIT TE STIPPEL.



« AUBREY KRUGER

### Die strategie tans

Eerstens is Senwes se nasionale strategie gerig op die konsolidasie van die landbousektor. Met ander woorde, meer van dieselfde ten einde voordele van skaal te bewerkstellig.

Tweedens gaan dit oor herorganisasie van die onderliggende portefeuljes tydens 'n konsolidasie. “Wanneer 'n landboukonsolidasie gedoen word, vertoon die twee onderliggende portefeuljes nooit presies dieselfde nie. Die doel van konsolidasie is om sodanig te herorganiseer dat beter effektiwiteit, groter skaal en volume, beter fokus, geografiese en kommoditeitverspreiding asook handelsmerk en risikodiversifikasie daardeur verkry sal word,” sê Francois.

### Verskillend aspekte waarna gekyk moet word

#### ONDERSTEUNING

Die eerste aspek ter sprake is die effektiewe ontplooiing van die ondersteuningsdienstebasis. “Ons gebruik reeds in ons bestaande gesamentlike ondernemings diensvlakkooreenkomste om die effektiwiteit van ons ondersteuningsdienste en koste-effektiwiteit te verhoog. Verder behels die strategie ook om beter en meer effektiewe ontplooiing van ondersteuningsdienste te kan fasiliteer en onderskryf.”

#### KLANTGERIGTHEID

Hier is die maatskappy se fokus op klantgerigte ontplooiing sowel as bediening: “Die doel van ons besigheid is om besighedsoplos-

sings aan kliente te bied wat hulle besighede sal bevoordeel,” benadruk Francois. “Dan is die outomatiese gevolg hiervan om ons eie besigheid natuurlik op te bou en te onderhou.”

#### INTEGRASIE VAN BESIGHEID

Die ander aspek is die integrasie van die besigheid. Francois stel dit so: “As jy klantgerigte oplossings aan jou klient bied, dan beteken dit dat jy ook rangorde en prioriteit aan sy behoeftes moet koppel en bepaal.”

In praktiese terme is die uiteinde dat die individu wat in kontak met 'n klient is, nie ten alle koste sy produk of diens aan daardie klient moet verkoop nie. Jy moet hier eerder die prioriteit van daardie klient deeglik bepaal. Dit mag dan beteken dat die betrokke personeel die klient eerder na een van sy kollegas moet neem.


#### GESPESIALISEERDHEID

Hier is dit belangrik om te onthou: “Binne die besigheid is ons wel gespesialiseer, maar wanneer ons na die klient toe gaan, neem ons die besigheid op 'n geïntegreerde wyse na die klient. Die klient het eintlik niks met ons interne spesialisasie te doen nie – sy behoefte is 'n oplossing vir sy besigheid.”

### Hoekom is die diversifikasie en eksternalisering van besigheid nodig?

Die rede waarom daar buite ons landsgrense na geleenthede gekyk

> VERVOLG OP BLADSY14





**RENTEKOERSE  
TOT EN MET  
PRIMA minus 5.5%**



**JCB 3CX Laaigraaftrekkers  
Alle Teleskopiese laaiers**

♦ **Prima minus 5.5% (gekoppel)**

20% deposito

3 jaar termyn met  
jaarlikse paaielemente

Geen BTW terug

Maandelikse paaielemente  
ook beskikbaar

**JCB 3CX Laaigraaftrekkers (Backhoe loader machines)**



**531-70 en 530-70i Teleskopiese laaiers (Telehandlers)**

**Promosie op alle JCB-produkte geldig  
van 1 Mei tot 30 Junie 2017.**

**BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD**

Verdere navrae kan ook gerig word aan: Antoon Smalberger,  
Bestuurder JCB en Landbou-implemente (082 806 4844)  
Phillip Nel: Streekbemarker JCB Landbou-implemente (083 451 3947)

Vir enige navrae of demonstrasies,  
kontak gerus u naaste Senwes  
Equipment heelwerktuigbemarker.



## Senwes Strategie

> VERVOLG VAN BLADSY 12

word, sluit in risikomitigasie sowel as handelsmerk-, maatskappy-, kommoditeits- en geografiese diversifikasie.


“Tans is ons ten volle aan die landsrisiko's van Suid-Afrika blootgestel. Met diversifikasie na ander geografiese gebiede kry ons blootstelling aan die risiko's van ander lande wat kwessies impliseer soos die stabiliteit van regerings, infrastruktuur, toegang tot ander markte, asook wisselkoersdiversifikasie.”

Dit impliseer op sigself dividendstroomdiversifikasie en die onderliggende is dat die Suid-Afrikaanse belegger hopelik ryker in randterme gaan word. Die probleem is dat hy tans armer in euro-, dollar- en pondterme word. Dit is een van die groot redes hoe- kom daar na ander denominasies gekyk word vir blootstelling, sodat ons teen daardie risiko's beskerm is.

## Hoe vorder ons met die implementering van ons strategie?

### DIË INTERNE STRATEGIE

**14** Wanneer daar na die portefeulje



van Senwes gekyk word, is daar 'n hele reeks gesamentlike ondernemings wat 'n aantal doelwitte nagekom het, soos byvoorbeeld Hinterland, Prodinst, Grasland, Certisure, JD Implemente en Electronic Silo Certs. Uiteraard gaan ons voort om geleenthede te soek wat plaaslike diversifikasie aanbetref.

- Interessante inisiatiewe soos die verskansingsfonds saam met Barclays wat ons begin het, wat op hierdie stadium as onderliggende instrument dien van transaksies met 'n hoë waarskynlikheid van sukses.
- Daar word gekyk na die moontlikheid van ander platforms of instrumente wat ons kan gebruik in die verskansingsfondsomgewing.
- Die onlangse verkryging van nog John Deere agentskappe in die Senwes Equipment en JDI-omgewing, wat ons baie groter geografiese blootstelling en

kommoditeitsdiversifikasie gee.

### BUITELANDSE BLOOTSTELLING

Na deeglike navorsing is sekere internasionale omgewings sterk oorweeg met betrekking tot regeringstabiliteit, graderingstatus, wisselkoersstabiliteit, sagte-kommoditeitsvloei, toegang tot internasionale markte, juridiese stabiliteit, ensovoorts.

Op grond hiervan is sekere lande en maatskappye geïdentifiseer. Gesprekke word vir die afgelope 18 maande tot 2 jaar reeds gevoer met maatskappye in Ierland, Swede, Duitsland, Australië en Nieu-Seeland, wat in verskillende stadiums van vordering is. Sommige maatskappye het ons al vir 'n derde keer besoek en reeds hul volle direksies hierheen gebring. Gesprek word deurlopend met hierdie maatskappye in Australië gevoer en ons is tans in proses om na bepaalde strukture en moontlikhede te kyk. ●

## VERKRYGBAAR BY U NAASTE HINTERLAND TAK

Diere is afhanklik van sout vir 'n gesonde, gebalanseerde diëet. By Saltcor verstaan ons die rol wat sout speel in diervoeding en produseer ons produkte spesifiek vir die behoeftes om voer te meng. Of jy nou die sout aankoop in sakke, soutblokke of in grootmaat, Saltcor het produkte vir die Landbou, Industriele en Huishoudelike mark.

**SALPINE FOOD GRAIN CRACKER SALT**

**PROD. SALT**

**SALPINE TABLE SALT**

**SALPINE GRAIN 2 SALT**

**BALANCE DIETARY SALT**

**BUCK SALT BLOCKS 60kg**

**SALPINE SALT BLOCKS**

**SALPINE GRAIN 1 SALT**

**ALL-PURPOSE SALT**  
Nou beskikbaar in growwe en fyn sout

Alles All-Purpose Salt se heel goed kultureel en kan in 'n wye verskeidenheid van getreide verwerk word. Gebruik dit vir die maak van blikke, stroop, kookmaak of om soute te se. Al. Alles All-Purpose Salt is verkrygbaar in 5kg verpakking en kan by alle verspreiders, natuurwagters en by die Saltcor kantore geïmporteer word.

Wat ook al u behoefte Saltcor kan voorsien

Over 40 Years Of Salted Success

Contact Details: Tel: +27 (21) 951 6501 | Email: salt@dbgroup.co.za | Website: www.saltcor.co.za

# Antoon Smalberger

## Nuwe JCB Verkoopsbestuurder by Senwes Equipment

MET SENWES EQUIPMENT WAT NOU 'N TROTSE VERSPREIDER VAN JCB PRODUKTE IS, IS ANTOON SMALBERGER DIE REGTE MAN OM TE KONTAK SEDERT HY OP 1 MAART 2017 DIE POSISIE VAN JCB VERKOOPSBESTUURDER EN DIVERSE TOERUSTING BEKLEE.

◀ AUBREY KRUGER

**I**n sy nuwe posisie kyk Antoon oorhoofs na 'n hele paar aspekte, naamlik die aankoop van voorraad, die opstel van bemarkingsteikens, diens van klante, nuwe besigheid - wat munisipaliteite en kontrakteurs insluit - ondersteuning van die produk asook die opleiding van bekwame personeel en natuurlik onderdele.

Hierdie diens word gelewer in die huidige Senwes bedieningsgebied sowel as die nuwe gebiede, naamlik Aliwal-Noord, Ugie en die Oos-Londen area, en addisionele JCB-gebiede in die Noord-Kaap omgewing by Kimberley en Prieska.

Hierdie diens is volgens die nuwe JCB Verkoopsbestuurder en Diverse Toerusting daarop gemik om ekstra waarde toe te voeg tot die klant en sy besigheid. "Ons spreek die huidige leemtes direk aan en klante hoef nie meer ver te gaan soek vir diens nie - hulle kan die diens gerieflik in hul tuisdorp ontvang. Al 19 werksinkels het bekwame personeel om klante te diens en waar daar werksinkels is, sal daar natuurlik ook onderdele wees."

Antoon het amper 40 jaar se ondervinding sedert hy in 1979 in hierdie bedryf begin werk het. Hy beklee sy nuwe pos nadat hy reeds vanaf 2010 die pos as diensbestuurder werksinkels by Senwes Equipment beklee het. Die pos was perfek vir sy groei en tegniese ervaring en produkkennis is in oorgloed opgedoen. Antoon het ook 'n wye algemene kennis van produkte, en meganisasie is deel van sy belangstelling, sy passie. Hy het verder ook 30 jaar ondervinding by AFGRI, waar hy van vakleerling tot gekwalifiseerde ambagsman, werkende voorman asook werksinkelbestuurder by verskeie takke werksaam



was. Hy was ook takbestuurder, tegniese bestuurder en bemarkingsbestuurder vir die Hoëveldstreek.

Hy is 'n landbouman in murg en been en het op die plaas Schoongezig tussen Volksrust en Wakkerstroom in Mpumalanga grootgeword. Hy onderneem om, soos altyd, die beste diens en ondersteuning vir enige klant te verskaf asook spoedige aflewering van hoë kwaliteit masjienerie en toerusting.

Hy het 'n onwrikbare passie vir klante en om hulle eerste te plaas. 'n Eenstopdiens met diens en advies.

Klante word genooi om enige sake direk met hom te bespreek. Sy kontakbesonderhede is steeds dieselfde, 018 464 7571 en e-posadres antoon.smalberger@senwes.co.za. ●





# Viljoenskroon IS BOEREWÊRELD

VILJOENSKROON – DIÉ NOORD-VRYSTAATSE GEBIED WAT NABY DIE VAALRVIER GELEË IS, IS BOEREKONTREI. DIE MEESTE MENSE RY NET EENVOUDIG VERBY DIE DORPIE OP PAD NA GROTER DORPE EN STEDE SOOS KROONSTAD, KLERKSDORP EN DIE MIELIEHOOFSTAD, BOTHAVILLE. DAAR IS EGTER 'N PAAR INTERESSANTHEDE VAN DIE DORPIE WAAROP ONS GRAAG BERIG.

« AUBREY KRUGER

## DIE NAAM VILJOENSKROON

Die naam van die dorpie het 'n landbougeskiedenis. Die produsent, Johannes Jansen Viljoen, was die eienaar van die plaas waarop Viljoenskroon gevestig is. Dit is waar die Viljoen-gedeelte vandaan kom. Die Kroon-gedeelte is

ook gekoppel aan Viljoen omdat Kroon die naam van sy ryperd was, wat as oorlogspere ingespan is tydens die Anglo-Boereoorlog.

## DIE STIGTING

Die dorp is op die plaas Mahemskuil gevestig. Die dorp is in 1921 uitgelê en in 1925 as 'n munisipaliteit verklaar.

## VILJOENSKROON SILO'S

### Silo 266

Hierdie silo is sekerlik een van die mooiste silo's in die Senwes stal. Vra jy Silobestuurder, Nico Janse van Rensburg, hieroor uit, is sy antwoord 'n onomwonde ja. Nico is 'n bekende in Senwes-kringe met meer as 32 jaar diens by die maatskappy. Hy is die afgelope 21 jaar al silobestuurder, waarvan die laaste 20 jaar as projekbestuurder by Viljoenskroon is.

Nico is baie trots op sy silo. Hy vertel passievol dat "daar omtrent nie 'n maand verbygaan wat daar nie toeriste 'n draai maak by dié silo nie. Die silo het al 'n paar keer die toekenning vir beste silo in Senwes op verskeie geleenthede ingepalm.

Viljoenskroon silo 266 het 24 silobuise, 20 buise wat 4 500 ton elk kan huisves en 4 buise met 'n kapasiteit van 1 100 ton elk. Die totale kapasiteit is 94 400 ton.

Produsente sal weet dat die silo gevorderde tegnologie gebruik om graan met 'n voginhoud van tot en met 18% te hanteer, met sewe deurlugtingswaaiers wat reeds geïnstalleer is.

Die Gereformeerde Kerk in die dorp.



'n Klompie van die silodamme by Viljoenskroon.



**VILJOENSKROON SILO 266 PERSONEEL:** Agter is Chantelle Snyman (Senior Graangradeerder), Nico Janse van Rensburg (Projekbestuurder) en Johan de Lange (Hulpstilobestuurder). In die middel is Joseph Tshabalala (Senior Graangradeerder), Simon Kujoana (Operateur), Petrus Seling (Trekkerdrywer), Simon Meleje (Masjienbediener en Skoonmaker), Joseph Sepoye (Kontrolebordbediener), Israel Litaale (Monsternemer). Heel voor is Sam Marumo (Monsternemer) en Jankie Mokatsane (Operateur).

Die silo is in 1975 gebou en ontvang hoofsaaklik wit- en geelmielies, sonneblom, sojabone, sorghum en koring.

### VILJOENSKROON SILO 232

Soos 'n hele paar ander Senwes dorpe het Viljoenskroon ook twee silo's. Net af in die straat van Viljoenskroon silo 266, is Viljoenskroon silo 232. Hierdie silo is die ouboet van die twee in Viljoenskroon.

Hierdie silo bestaan uit 12 buise van 3 300 ton elk - dus 'n totale kapasiteit van 39 600 ton. Wat graan aanbetref word hoofsaaklik witmielies en sonneblom by die silo gestoor, terwyl die res by silo 266 gestoor word.

### SILOHERINNERINGE

Nico en Louwrens vertel dat hulle 'n paar herinneringe van die silo's het. Interessant is dat hierdie silo omtrent altyd volgelaai word, met uitsondering van 2016, weens die droogte. Hulle moes so 'n paar jaar gelede erg skarrel om plek vir al die graan te maak. Daar is toe selfs in die nag uitgelaai en hulle het ook Enselspruit en Potchefstroom se silo's volgelaai. Daarop is 22 treintrokke volgelaai, 22 damme van 120 ton elk gevul en die hoppers en die drooggoend en massabakke was ook almal tot oorloopen toe vol.

### HINTERLAND-TAK

Gerhard Louw, die takbestuurder by Viljoenskroon, het al amper 32 jaar diens. Hy is sedert 1999

'n takbestuurder, waarvan die laaste vyf jaar by Viljoenskroon is. Hy vertel dat oud-streeksbestuurder, Jan Coetzee hom veral geïnspireer het. Sy werk is sy passie en die leuse by die tak is "Jy kan die verskil maak". Hy is trots op sy span van 23 werknemers, wat volgens hom die beste is.

Oud-Senwes direkteur, Japie Grobler, het die tak op 27 Februarie 1998 geopen.

### BEKENDES VAN DIE STREEK

Plaaslikes vertel my dat daar 'n hele paar mense uit Senwes-geleedere van dié streek is. Twee voormalige Senwes-direkteure, Jacob Steyn en Jimmy Shahim, asook Senwes en Senwesbel aandeelhouer, Bog Venter.

In die besigheidswêreld is die HUB van Attooh!, Wouter Snyman, ook van die bekendes en dié bekende denkleier in die finansiële sektor was juis 'n paar weke gelede in die dorp om die kinders te motiveer.

Die gholfspeler, Fulton Allem, wat 15 internasionale gholftitels verower het, het ook wortels in die streek. Hy is egter in Kroonstad gebore.

### OVERVAAL STEREO

Die bekende gemeenskapsradio-stasie op die dorp is Overval Stereo. Morne Geyser, Stasiebestuurder sedert 2016, vertel dat die stasie tot so ver as Vredefort uitsaai en ongeveer 34 000 luisteraars het. Die stasie is tans 24

*Die Groot Trek word by die NG Kerk gedenk.*

jaar oud en baie bekendes, het sedert sy stigting al 'n draai by dié Afrikaanse/Christelike stasie gemaak.

### SPORT

Sport is baie belangrik in die dorp met gholff, rugby, netbal en ander sportsoorte wat hier beoefen word. Die sportgronde op die dorp heet Rörich Park en die gronde is vernoem na die eerste prokureur van die dorp, Faan Rörich.

### Gholffklub

Die plaaslike gholffklub is volgens die klubhuisbestuurder, Le Roux Fourie, al ten minste 80 jaar oud. Die baan is later deur gholfflegendes Gary Player en Fulton Allem ontwerp en bestaan uit 18 bowwe en 9 setperke. Die klub het sowat 100 lede.

### Netbalklub

Viljoenskroon Netbal is in 2016 gestig en Senwes se eie graanbe-markingsadviseur, Chantelle De Andrade, is die voorsitter van die klub. Lees meer oor haar op bladsy 28.

### ANDER INTERESSANTHEDE

Ander interessantheide van die dorp is dat die Allem-broers die

> VERVOLG OP BLADSY 18





## Viljoenskroon

> VERVOLG VAN BLADSY 17

grootste privaat graanopbergings-fasiliteit in die Suidelike Halfrond op die dorp het. Dit was reeds vroeg duidelik dat hierdie mielie-wêreld is en die eerste graansuiers is reeds in 1924 opgerig. Dan is die gewildste skool in die dorp Salomon Senekal Hoërskool. Die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy het destyds grondbonestore en 'n grondbone-fabriek teen 'n koste van €50 000 opgerig. Dan is die biblioteek op die dorp in 1951 deur oud-Administrateur JJ Fouche geopen.

### OU GEBOUE, KERKE EN MONUMENTE

Ou geboue is hier in oorvloed. Die stadsaal is in 1938 deur boumeester PP Haasbroek gebou. Die NG Kerk Viljoenskroon is in 1946 gebou, gevolg deur die

Trinity Metodiste Kerk in 1951 en NG Kerk Viljoenskroon-Oos in 1966.

Daar is ook verskeie ander mooi kerkies, naamlik die Gereformeerde Kerk en die AGS Herlewingsentrum. By die NG Kerk is daar ook 'n Herdenking aan die Groot Trek, waar die name van Andries Pretorius, Hendrik Potgieter, Sarel Cilliers en Piet Retief op pryk. Die MOTHS het ook 'n monument naby die stadsaal om helde te gedenk.

As jy bietjie wil gaan ontspan, besoek gerus die bekende Wawilpark Vakansieoord daar naby. Nou weet jy dat daar meer in Viljoenskroon is as wat jy aanvanklik gedink het! ●



## Bafana Petroleum VERSPREIDERS

### Pretoria

012 808 5635

### Alldays

082 592 3424

### Bela-Bela

082 520 9862

### Brits

012 250 5057

### Koster

083 302 7780

### Marble Hall

072 295 3087

### Potchefstroom

082 817 1385

### Vaalwater

014 755 3644

[www.bafanapetroleum.co.za](http://www.bafanapetroleum.co.za)



## Winkelhaak VERSPREIDERS

### Platrand

017 785 1019

### Balfour

017 773 1724

### Bethal

079 508 6066

### Delmas

013 665 5600

### Ermelo

017 819 5427/9

### Frankfort

058 813 1971

### Hendrina

013 293 0150

### Newcastle

034 315 4414/8

### Petrus Steyn

058 871 3830

### Vrede

058 913 1548

[www.winkelhaak.co.za](http://www.winkelhaak.co.za)



Jou eerste keuse in brandstof & olie!



# VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.




Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek [www.santam.co.za/products/agriculture](http://www.santam.co.za/products/agriculture). Santam. Regte, egte versekering.

**santam**  
landbou

# Paul Maré

## het 'n vennoot in Senwes op Viljoenskroon



Twee van Paul Maré Bonsmara-stoetbulle by Vlakvlei.

PAUL MARÉ IS 'N AGTERMEKAAR PRODUSENT EN OM ALLES TE KROON, 'N GROOT ONDERSTEUNER VAN SENWES. IN WERKLIKHEID IS SENWES SY VENNOOT.

« AUBREY KRUGER

### PAUL SE GESKIEDENIS

Paul is amper sy hele lewe lank deel van die Viljoenskroon gemeenskap. Hy is in 1953 in hierdie distrik gebore, het hier skoolgegaan en in 1970 by Hoërskool Salomon Senekal gematrikuleer.

### LANDBOU IS IN SY BLOED

Paul was daarna eers 'n jaar in die weermag, waar hy 'n leierskursus in Heidelberg gedoen het, en daarna was hy by Potchefstroom gestasioneer. Sy lewe het 'n draai in die ingenieurswêreld gemaak en hy het sy B.Sc B.Ing-graad in 1976 by Stellenbosch Universiteit verwerf en 'n jaar later sy honneurs. Hy was vir sewe jaar by siviele

ingenieurs in Kroonstad asook landbou-ingenieurs in Pretoria werksaam, waar hy besproeiings-, dambou- en waterafloopp projekte in die Hoëveld en in die Wes-Kaap behartig het.

### FAMILIE

Hy is in 1985 met Jeanette getroud, wat in 1996 oorlede is. Hy het drie kinders, naamlik Erik (29), Silizna (31) en pa se naamgenoot Paula (18), wat tans in matriek is.

Die dogters is nie in landbou betrokke nie, maar is absoluut mal oor diere. Hulle is ook kranige perderuiters. Erik is egter die een wat die boerdery gaan oorneem. Hy boer al sedert September 2016 en het, soos sy pa, eers in 'n ander rigting beweeg. Hy het hom eers

as prokureur gekwalifiseer en met sy regsagtergrond dus in sy oupa se voetspore gevolg. Hy het B.Com en LLB studeer en vanjaar was maar sy eerste volwaardige jaar in landbou. Erik boer tans op die nabygeleë Glenmore.

### DIE BEGIN

Paul het klein begin, op 'n 500 hektaar plaas by Limerick in Skandinawiëdrif, so 40 km van sy huidige plaas Vlakvlei, waar hy van 1983 tot 1995 geboer het. Hy het selfs kiwivrugte onder besproeiing geplant.

Die boerdery het vergroot nadat hy in 1990 bykomend ook op die familieplaas, Vlakvlei (480 hektaar) begin boer het. Vir die volgende vyf jaar het hy op beide plase geboer en aan die einde van daardie tydperk, in 1994, het hy Vlakvlei by sy pa, Frikkie, gekoop en ook mettertyd grond in die omgewing aangeskaf. Hy het tans sowat 2 500 hektaar, waarvan sowat 2 500 hektaar vir plantdoel-



Paul Maré tussen twee van sy plaasbestuurders. Sybrand van Niekerk (links) en André Steenkamp.

Erik Maré, sekretaresse Corinda Marais en Paul Maré.



eindes gebruik word.

Paul produseer tans hoofsaaklik witmielies. In die verlede het hy grondboontjies en sojabone ook geplant en in 2012 het hy met presisieboerdery begin en spesialiseer nou net op mielies – “Dit maak net jou arbeidsbestuur soveel makliker,” sê Paul.

### DERDE-GENERASIE BOER

Hy noem trots dat sy oupa en naamgenoot, Paul Jakokus, ook geboer het. Hy het somergewasse geplant en met melkbeeste geboer. Daar is nog van die ou melkerygeboue en hy kan dit net nie sloop nie, “Daar is tog ’n tikkie sentiment aan die goed verbonde,” noem hy.

Sy pa, Frikkie, het ook ’n melkery gehad en met Simmentalers geboer, maar pa Frikkie het nooit regtig saam met hom geboer nie. Sy pa se eintlike passie was sy prokureurspraktik, Venter/Havemann/ Maré. Viljoenskroners sal hom onthou as burgemeester van die dorp. Hy het verskeie kere dié rol vervul vanaf die sestiger- tot die tagtigerjare. Hy is egter in 2012 oorlede.

### PRESISIEBOERDERY

Beter opbrengste was die gevolg van presisieboerdery en die opbrengs is verbeter vanaf ’n

gemiddeld van 4.1 ton per hekaar tot 5.1 per hektaar. Daar is ook brandstof en kunsmisbesparings, GPS-tegnologie en presisie-bekalking en bemesting wat in ag geneem moet word.

“Ons het altyd elke jaar ons ryrigtings verander en die grond losgemaak en daarna weer gekompakteer. Sedertdien het ons spoorverkeer begin doen en skuif nie meer die losgrondareas nie.”

### STOETERY

Die stoetery wat in 1987 begin is, het deur die jare tot sowat 400 Bonsmara-stoetkoeie gegroei. Hy noem ook dat die beesboerdery in sinergie met die saaiboerdery bedryf word. Die uitvalstukke en vleie word benut in die somer deur die beeste, en die stoppels op die landerye in die winter. Hy maak ook jaarliks 500 ton kuilvoer wat in die rantsoene van die fase D bulle benut word.

### VEILINGS

Paul hou ook sy eie veilings en hier verkoop hy en Benjamin Bosch sowat 40 stoetbulle, 20 vroulike stoetdiere asook 120 kommersiële vroulike diere. Deesdae het hy, soos wat deesdae die norm is, twee veilings wat die winter- en somerdekseisoen se behoeftes aanspreek.

### BOERDERY OP VILJOENSKROON

Hier in die Noord-Vrystaat is boerdery anders as in die Oos-Vrystaat, waar hulle meer reën ontvang, vroeër reën ontvang en plant, suurder veld het en strawwer winters beleef. Wat hy wel kan sê is dat “indien ’n boer wat hier boer en sy wortels hier gevestig is sou trek, sal hy weer skoolgeld moet betaal.” Dit sluit dus aan by sy motto: “In boerdery moet jy nie te veel rondspring nie - doen dit wat jy doen net beter.” Sy doelwit is om sy grond tot optimum potensiaal te ontwikkel om die beste produksie met betrekking tot gewasse en vleis te verseker.

### PERSONEEL

Paul het sowat 30 voltydse personeel in diens en akkommodeer uit die aard van die saak ook ’n aantal seisoenale werkers.

Onder dié tel vier plaasbestuurders Sybrand van Niekerk, Christo Snyman, André Steenkamp en Pieter Hattingh. Paul noem dat al die bestuurders tonne landbouervaring het. En interessant genoeg het hy nie een self gewerf nie. “Hulle het my gewerf,” spot Paul, omdat almal wat by hom werk hom geken het.

Almal is ten minste sewe jaar by my werksaam met die

> VERVOLG OP BLADSY 22





Sowat 500 ton kuilvoer word jaarliks op Vlakvlei geproduseer.



Paul versamel ook hoedjies en hier is ook 'n paar van Senwes!



Bambi die Yorkie ry oral saam. Daar is ook drie ander honde met Tommie die boerboel, Rex die Doberman Pincher en Spotty die beeshond.

langste wat al 26 jaar by hom werk. Buiten die bestuurders beskryf hy sy sekretaresse, Corinda Marais, wat terloops 'n oud-Senwester is, as sy regterhand.

### SENWES

Toe loop die gesprek in die Senwes rigting. “Ek glo in vennootskappe. Ek het reeds vroeg in my loopbaan besluit dat ek Senwes my hoofvennoot in my besigheid gaan maak.” En hy is bly hy het dit gedoen. Hy koop sedert die begin sy insette by Senwes, doen sy finansiering deur Senwes Credit om produksiemiddele, grondfinansiering en die aankope van voertuie en implemente te doen. Hy onthou selfs die dae toe Senwes buro-dienste gehad het. “Basies gebruik ek Senwes op alle terreine van my boerdery,” sê Paul trots. G'n wonder hy is al sedert 1984 'n lid by Senwes nie. Sy pa Frikkie was ook 'n lid van Senwes.

Paul verklaar onomwonde: “Ek lewer net by Senwes.” Met Viljoenskroon en Groenebloem silo slegs 10 km van sy plaas af, is dit baie gerieflik. Die plase naby Limerick gebruik weer Potchefstroom Silo. Paul dink dat Senwes weer 'n trekkerwerktuigkundige diens op Viljoenskroon kan vestig en deur dit sal meer klante John Deere gebruik.

### TOEKENNINGS

Paul lag terwyl ek die trofees op Vlakvlei bewonder. “Dis nie regtig waarvoor 'n mens werk nie,” sê hy. Die trofees sluit in die Bayer-LNR Platinum-trofees vir sy 2005 en 2006 Bonsmarastoet. Sy fokus is eerder geskoei op die “produksie van goeie bulle vir kommersiële boere.”

### SEISOENE EN REËNVAL

Met boerdery en die ingenieurswêreld sy passies, kan die artikel nie afgesluit word sonder om te noem dat hy 'n groot entoesias van reënvalpatrone en seisoene is nie. Hy hou sorgvuldig rekord van die weerpatrone op sy plaas en is veral 'n voorstaander van prof. Will Alexander, wat die laaste paar jaar se droogte reeds in 2007, as deel van die WNNR, voorspel het. Sy voorspellings is geskoei op die 21-jaar siklusse van sonvlekke.

Paul noem dat hy 'n uitstekende werkerskorps het maar noem dadelik dat hy sy ouers Frikkie en Heléne moet noem wat grootliks bygedra het tot die produsent wat hy vandag is. Boer so voort Senwes produsent! 🌱

# Dit is weer tyd om stil te staan



**Senwes is een van die trotse borge van dié gespreksinisiatief**

Dit is weer tyd om stil te staan by kwessies wat almal in en om die landbouwêreld raak. Suid-Afrika se top denkleiers trek weer saam by die NAMPO Oesdag om by **Nasie in Gesprek** oplossinggedrewe dialoog aan te moedig.



Laai die toep af  
van Nasie in Gesprek



[www.nasieingesprek.co.za](http://www.nasieingesprek.co.za)

Senwes 



# Senwes webblad trek nuwe baadjie aan

DIE NUWE SENWES WEBBLAD IS LEWENDIG. HIERDIE OPGRADERING BRING 'N EENVOUDIGER STRUKTUUR EN GROTER GEBRUIKERS-VRIENDELIKHEID TEWEEG.

## DIE DOELWIT

Die doelwit van die inisiatief was om die webblad uit die gebruiker se oogpunt te ontwerp, wat die klem op die verskillende produkte en dienste binne die groep van maatskappye plaas. Hierdie verandering was ook toegespits op die vermindering van die aantal bladsye per afdeling deur die inligting beter te verpak en meer doeltreffend te organiseer.

## OP DIE TUISBLAD

Op die tuisblad kan gebruikers

steeds die nuutste markinligting kry en is die ses hooffokusareas van die webblad uiteengesit. Daar is ook direkte skakels wat die gebruiker met een klik na die inligting wat verlang word, neem.

## DIE NAVIGASIE

Verbeterde navigasie is geïmplementeer en die verskillende bladsye onder elke afdeling is meer sigbaar en verstaanbaar geïmposeer. Die oogmerk was om die bladsye wat die meeste besoek word, eerste te stel en nie meer as drie subafdelings te hê nie. Met minder subafdelings is die kans dat inligting weggesteek en moeilik bekombaar is, soveel kleiner.

## DIE SOEKFUNKSIE

Gebruikers kan ook voortaan die soekfunksie meer gereeld raadpleeg. Hierdie funksie is afgestof en spoor relevante inligting, bladsye en kontaknommers binne enkele sekondes op.

## DIE KONTAKBOEK

Nog 'n nuwe funksionaliteit op die webblad is die kontakboek, wat die verskillende bedryfspunte met hul kontakbesonderhede lys en gebruikers in staat stel om die bedryfspunte in 'n gekose radius om sy/haar area te sien.

## DIE WEBKAART

Met hierdie veranderinge en verskuiwings is die webkaart baie handig. 'n Duidelike oorsig van waar die verskillende bladsye sorteer, maak dit maklik om in 'n oogwink by die regte plek te wees.



Webkaart

## BESOEK DIE WEBBLAD

[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)

Enige navrae rakende die webblad kan gerig word aan Johan le Grange (Jnr) by 018 464 7521 of Muhammad Amod by 018 464 7331. ●





## WILLARD BATTERYE DENKSKUIWEND

Willard Batterye neem die voortou wanneer dit kom by innoverende oplossings. Hetsy dit die nuutste Willard "Super-Safe" reeks is, met "roll-over" tegnologie, of batterye vir hoë verrigting, 4x4, landbou of ander selfaangedrewe voertuie, Willard Batterye kan voorsien.

Nou met 'n 25 maande waarborg op die hele reeks, bied Willard Batterye jou 'n verskeidenheid opsies om van te kies, Willard Batterye verskuif jou denke.

Willard Batteries. The power of technology.

[www.willard.co.za](http://www.willard.co.za)



**Willard**  
The power of technology

# Wat is 'n QR-kode?



'n Vinnigereaksiekode (Quick Response Code) of QR-kode, is 'n nuttige manier om met digitale media te skakel. Hierdie tweedimensionele staafkodesetelsel is 'n portaal na meer inligting oor die onderwerp, item of diens in gedrukte formaat.

## HOE SKANDEER EK 'N QR-KODE?

Slimfone is die sleutel en terwyl jy deur die *Senwes Scenario* blaai, kan jy hierdie QR-kodes skandeer vir meer toepaslike inligting. Laai 'n QR Kodeleser af by die onderseke toepassingswinkels en word

deel van hierdie wêreld van digitale kundigheid.

As jy eers 'n QR-Kodeleser-toepassing op jou slimfoon het, kan jy die staafkodes skandeer, wat as direkte skakel dien na waar ons jou wil neem. ●

**TEKEN IN OP ONS NUUSBRIEF DEUR HIERDIE QR-KODE TE SKANDEER**



<http://senwes.co/ssubscribe>

26



EPOL se spesifiek-geformuleerde voere vir melkbeeste bied 'n kostedoeltreffende oplossing vir die unieke voedingsbehoeftes van lakterende diere sodat optimale melkproduksie keer op keer behaal word. EPOL verseker 'n ekonomiese voerkoste per liter melk geproduseer. Dit is baie belangriker as koste per ton voer.

## LAND VAN MELK EN HEUNING

Die hoë voerkoste noodsaak dat ons moet seker maak dat die voedingstowwe in die ruvoer ten volle benut word. Met EPOL se kundige ondersteuningsdienste en voedingsoplossings is dit moontlik. Dankie Epol! — Ron Jordaan, Irene, Gauteng



## EPOL SUIWEL

Kalf produkte: Calf starter (V403), Calf Grower (V1500), Verses Magscalf (V20282), (Met 36 van 1947)



Vir meer inligting oor spesifieke voere en dienste, kontak:  
RCL FOODS: [www.rclfoods.com](http://www.rclfoods.com)  
EPOL: +27(0)31 242-8600 | [www.epol.co.za](http://www.epol.co.za)  
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | [www.molatek.co.za](http://www.molatek.co.za)

SUKSES IS IN DIE SAK



# Hoe produsente meer kan leer oor *Grande*

With the dry autumn and wintertime approaching farmers need to be more alert to veldfires. Here are a few tips:

- 1 Leer om **klimaatstoestande** te identifiseer wat geassosieer word met 'n hoë brandgevaar: temperatuur, windspoed/-rigting en humiditeit.
- 2 Eienaars van **grasdakhuisse** moet alle voorsorgmaatreëls tref soos die installering van watersproeiërs, die gebruik van vuurkomberse en die beskikbaarheid van brandblussers.
- 3 **Gebruik tegnologie**: satellietgebaseerde brandinligtingstelsels soos AFIS verskaf intydse brandinligting.
- 4 **Stel 'n veldbrandplan** op, wat alle aspekte dek wat verband hou daarmee om te bly en jou eiendom te beskerm of om jou eiendom te verlaat voordat dit deur die brand bereik word.
- 5 Belê in jou eie **brandbestrydingstoerusting** wat goed onderhou word (soos petrol-, of diesel- of waterpompe).
- 6 Beperk die gebruik van **plaasimplemente** op dae wanneer die brandgevaar hoog is.
- 7 **Wees ekstra versigtig** wanner swys-, sny- en slypgereedskap gebruik word.
- 8 Vestig **brandstroke** tussen jou grond en paaie of spoorlyne.
- 9 **Lei personeel op** in brandbestrydingstegnieke en veiligheid wat verband hou met rook van sigarette, die brand van rommel, ensovoorts.
- 10 Sluit by 'n Brandbeskermingsvereniging aan vir bykomende sekuriteit - versuim om dit te doen sal tot gevolg hê dat 'n hof onmiddellik sal aanvaar dat jy skuldig is aan nalatigheid in die geval van 'n aanspreeklikheidseis. ●

27



## YIELD SAVER™



### Verhoed dat jou wins deur die krake val!



- + Beperk verliese op jou stropertafel met tot 80%.
- + YIELD SAVER maak die gate tussen die dekplate & inneemketting toe & voorkom dus pitverlies.
- + Kettingssluitasie soortgelyk aan gewone inneemketting. Vervang borsels soos nodig.
- + Maklike passing op JD en Geringhoff-tafels (vervang slegs inneemketting).



### YIELD SAVER betaal homself in die eerste seisoen!

Kontak ons vir meer inligting.

- (082) 787 6718 Chris (Ooste)
- (082) 333 1330 Francois (Kzn)
- (082) 859 5982 Lourens (Sentraal)
- (082) 707 6051 Jonathan (Weste)



# Chantelle De Andrade

## Diens met 'n glimlag in Viljoenskroon

CHANTELLE DE ANDRADE IS DIE SPRANKELENDE 32-JARIGE GRAANBEMARKINGSADVISEUR BY VILJOENSKROON. EN BY DIÉ GRAANBEMARKINGSADVISEUR IS JY VERSEKER VAN DIENS MET 'N BREE GLIMLAG.

◀ AUBREY KRUGER

**C**hantelle werk al immers sedert 2014 vir Senwes - eers in die Koppies omgewing en vir die afgelope jaar is sy in Viljoenskroon.

### HAAR WERK IN VILJOENSKROON

Sy vertel dat haar werk omtrent uitgelê is vir haar want volgens haar is die Viljoenskroon produsente baie ingelig. "Hulle is nie net ingelig nie, maar ook baie uitdaggend van aard." So noem sy dat hierdie produsente ook hou van nuwe kontrakte en ook daarvan hou om op datum gehou te word.

Hulle is baie oopkop wat besigheid aanbetref en moet Chantelle met baie innoverende idees vorendag kom om hulle tevrede te stel – "Hulle hou my nogal op my tone," lag Chantelle.

Sy noem verder dat hierdie klante van haar veral in hulle noppies is met ander bemarkingsstrategieë, terwyl ander boere meestal hulle eie bemarkingsstrategieë in plek het en bitter min

daarvan afwyk. In kort is "produsente in Viljoenskroon baie aanpasbaar."

Wat Chantelle se ander verpligtinge teenoor haar klante aanbetref, kom sy haar kant van die besigheidstransaksie beslis na – "Ek hou hulle op datum van wat in die mark aangaan. Ek kyk na enigiets soos die Staatsrede, wat by Chicago gebeur en alles wat 'n direkte implikasie op die mark het." Dan stel sy voor watter tipe kontrakte wel opsies is, "veral in 'n jaar soos hierdie, waar jy verskillende strategieë moet hê om jou graan te verskans ten einde die beste pryse te realiseer, veral as die Safex pryse laag is."

Hulle kyk ook oorsigtelik na 5-jaar gemiddeldes, help met die opstel van nuwe kontrakte, kyk na markte en weerpatrone in die oggend en in die middag is haar dagboek vol afsprake om die meer as 100 produsente op hulle plase te besoek.

Haar gebied is groot en strek van Groenebloem Silo tot anderkant Vierfontein Silo naby Orkney. Sy het na slegs 'n jaar in dié area reeds by al haar produsente besoek afgelê en hulle het haar al verskeie kere op kantoor besoek. En om alles te kroon, is sy ook nou betrokke by die Manna Studiegroep en die Groenebloem Boerevereniging in die omgewing.

### MEER OOR CHANTELLE

Die Welkom-gebore vrou het ook daar skoolgegaan by Naudéville Laerskool en Goudveld Hoërskool, waar sy in 2002 gematrikuleer het.



Wat familie aanbetref het Chantelle vyf kinders, naamlik tweeling Nickola en Joshua (10) gevolg deur Antonie (8), Ruben (4) en Marco (3).

Haar ander passies buiten graan is hardloop en perdry. Sy beoefen haar atletiekpassie al sedert 2008 en meer ernstig die laaste twee jaar. Sy het die Twee Oseane Marathon al twee keer aangepak. Eers die halfmarathon in 2015 en in 2016 het sy die 56 km ultramarathon in 6 uur en 30 minute kaggedraf. Sy neem ook deel aan die Western Mounted Games wat perdry aanbetref, en daar is baie verskillende items wat haar ook op haar tone hou.

En as jy hou van gesels en uitstekende diens, is Chantelle net die regte graanbemarkingsadviseur vir jou! ☺

# PRESIES!!!

Installeer John Deere-presisieboerderytegnologie op jou bestaande toerusting, gefinansier teen 2% gekoppel\*

Finansiering beskikbaar deur John Deere Financial teen 'n rentekoers van 2% gekoppel aan prima, gebaseer op 50% deposito OF teen 'n rentekoers van 5% gekoppel aan prima, gebaseer op 20% deposito\*



Verbeterde werkverrigting  
Optimale produktiwiteit weens verminderde staantyd  
Bevorder agronomiese besluite

## Finansiering gebou vir jou

\*Bepalings en voorwaardes geld. Aanbod geldig solank voorrade hou. Aanbod gebaseer op 'n spesifieke struktuur. Ander strukture kan egter vir die promosie geakkommodeer word wat 'n unieke besparing en/of rentekoers sal lewer.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n lid van Barclays, 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.



**JOHN DEERE**  
**FINANCIAL**

Ondersteun deur



Sluit aan by John Deere op Facebook



Volg John Deere op Twitter



Besoek John Deere op YouTube

[www.Deere.co.za](http://www.Deere.co.za)  
[Africa@johndeere.com](mailto:Africa@johndeere.com)  
Kliëntediens: 0800 983 821

# Sakkie Joubert geniet dit om probleme op te los

SAKKIE JOUBERT IS DIE VERHOUDINGSBESTUURDER BY DIE HINTERLAND TAK OP VILJOENSKROON. VIR MEER AS 16 JAAR KEN HY DIE PRODUSENTE IN DIE GEBIED NADAT HY IN 2001 HIER BEGIN WERK HET.

**H**y het in Maart vanjaar juis 28 jaar diens by die maatskappy gevier, sedert hy op 15 Maart 1989 hier aangesluit het. Sakkie het eers as verkoopsklerk in 1989 by Dewetsdorp begin werk, waar hy na nege maande as assistent takbestuurder by Reddersburg aangestel is en waar hy twee jaar lank werkzaam was. Daarna volg nog 'n tweejaartermyn as assistent takbestuurder by Petrusburg. By Smithfield beklee hy vir die volgende vyf jaar die pos van takbestuurder, gevolg deur assistent takbestuurder by Hartbeesfontein en Klerksdorp, voor hy in 2001 na Viljoenskroon verplaas is. Hy het so sy kennis opgebou van die meer veeboerdery-georiënteerde suide voor hy na die saaigebiede geskuif het.

Hier by Viljoenskroon behels sy werk al die jare dieselfde, hoewel die posbenaming deur die jare van klantediensbestuurder na insetbemarker en verhoudingsbestuurder verander het. Wat hy veral van sy werk geniet, is "Om met boere kontak te hê en probleme op te los. Dit is die lekkerste." Verder verskaf dit hom ook groot genot om geleenthede vir produsente daar te stel om aan te hou om besigheid te doen. Primêr is hy verantwoordelik

vir finansiering, om insette aan te koop asook om die produsente te help om hulle fondse effektief aan te wend.

Tydens die afgelope droogtejaar het hy ook sy rol gespeel om produsente tegemoet te kom met die oordrag van skuld om hulle so-doende kans te gee om te herstel om verder te kan boer. So word verseker dat Viljoenskroon 'n hoë potensiaal saai gebied bly. "Hy noem dat die laaste vier droogtejaar baie erg was en die plaaslike produsente regtig sleg geknou het, terwyl hulle normaalweg baie goeie opbrengste lewer.

En hy weet, want hy het as boerseun grootgeword

op die plaas Mentzburg in sy geboortedorp, Dewetsdorp. Meer oor Sakkie is dat hy in 1976 by Hoërskool Dewetsdorp gematrikuleer het. Daarna was hy vir 'n jaar by 1 Spesiale Diensbataljon in Bloemfontein gestasioneer, waarna hy sy Landboudiploma in 1979 by Glen Landboukollege verwerf het. So tussendeur die graanwêreld verklap Sakkie dat hy ook graag skyfskiet as sport beoefen.

Benewens sy 28 jaar diens het Sakkie en sy vrou, Ivona, ook op 13 Februarie 35 jaar se getroude lewe gevier. Hulle het twee kinders, Hennie en Maré, en is gesien met vier kleinkinders.

So vir ervaring duisend, kom maak 'n draai by Sakkie Joubert, jou verhoudingsbestuurder by Viljoenskroon! ●





# We know the work doesn't stop when the sun goes down.



Just like our trusted lubricants are essential for helping your farming machinery run smoothly, day or night, this rechargeable LED lantern set with built-in powerbank will become a vital part of your daily (or nightly) toolkit. **Get one of these durable lantern sets worth R800 FREE when you buy a 200L drum or equivalent of Engen Lubricant. Offer available at all participating co-ops and Engen Lubricants distributors.** For further enquiries please contact your lubricants sale representative.

Terms and Conditions apply. Visit [www.engen.co.za](http://www.engen.co.za)

With us you are Number One



**ENGEN**

# Mike Mlengana:

## Steeds 'n toegewyde DG vir SA produsente

AS JY DIE DIREKTEUR-GENERAAL VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU, MIKE MLENGANA, SOU VRA WAT HY IS, 'N TOEGEWYDE DIREKTEUR-GENERAAL OF DIE MENSE SE DIENSKNEG, SOU SY ANTWOORD BESLIS LAASGENOEMDE WEES.

« AUBREY KRUGER

**M**ike het 'n baie duidelike boodskap oorgedra aan 'n volgepakte Fanie Ferreirasaal tydens die 2017 Graan SA kongres wat in Maart by Nampo Park gehou is. Mike het beklemtoon dat daar drie bekommerenswaardige aspekte is, naamlik eenheid, transformasie en die sektor se bydrae tot ekonomiese groei.

### EENHEID

Hy is baie beslis daaroor dat "landbou eerstens inklusief moet wees. Ons kan nie meer vorentoe beweeg ten koste van ander nie." Hy het gefokus op een van die redes vir mislukking: "Ons het mense aangestel op grond van hul politieke oortuigings. Die gevolg was vernietigende chaos. Hierdie gebrek aan eenheid het aanleiding gegee tot baie ander rampe. Die gebrek aan integrasie in landbou het tot gevolg gehad dat eksterne kragte onsekerheid oor beleid en groei geskep het."

### TRANSFORMASIE

"Transformasie is 'n moet," sê hy nadat hy 'n beroep op produsente gedoen het om een kleinboer by hul besighede te integreer. Hy speel gou klaar met die kwessie van grondeienaarskap: "Ek weet julle is onseker oor die grondhervormingskwessie." Hy spreek hul vrese aan met: "Julle hoef nie bang te wees nie, ons het 'n Grondwet."

As mede-boer weet hy dat produsente goeie mense is. Transformasie beteken ook dat elke produsent "goeie dinge moet laat gebeur", en daarmee vee hy die persepsie dat mense in die landbou onmenslik is, van die tafel af.

### BYDRAE TOT DIE EKONOMIE

Daar word geglo dat landbou slegs 0.2% tot die BBP bydra. Mike se antwoord daarop is duidelik: "Dit is nie waar nie!" Hy sê dat landbou die totale waardeketting geskep het, maar die uitdaging is nou om 'n wyse te vind waarop 'n waardeketting geskep kan word wat sal sorg dat landbou sy plek in hierdie land volstaan.

Landbou moet ook op 'n ander vlak bydra. Hy het die produsente ingelig dat onderhandelinge tans gevoer word met China, Indië en ander sodat produsente "oeste kan plant vir markte wat wel bestaan". Die dae toe daar in die winter gerus is, is verby - die gesig van landbou verander vinnig.

Sy fokus is om die besigheid te verander - "Ek gaan vennootskappe afdwing in plaas van herkapitalisasie." Die fokus moet op produktiwiteit wees. Hierdie fokus is gekoppel met Visie 2030, wat



ten doel het om 1 miljoen werksgeleenthede te skep deur op kleinboere te konsentreer wat bereid is om so te boer - "Boerdery gaan oor passie. Plase sal dus slegs gegee of verkoop word aan die boere wat die nodige passie het."

Hy het ook 'n paar riglyne verskaf aan die persone wat die kongres bygewoon het:

- "Ons moet almal bydra tot die ontwikkeling en evolusie van die landboustrategie. Daar sal nie meer in 'n kantoor gesit en beplan word vir jou, sonder jou nie."
- "Dit is gevaarlik om met 'n persoon te werk wat min kennis en baie mag het. My opinie is dat die persoon wat werklik mag het, die persoon is wat diens lewer aan ander."
- "Die herkapitalisasieproses gaan vennootskappe afdwing tussen 'n kommersiële produsent en 'n swart produsent wat die grond nog ten beste moet gebruik."

Hy het afgesluit met die versekering dat sy deur altyd oop is vir produsente. "Wanneer 'n produsent skakel, neem ons daardie oproep." Hy het onderneem om sy roeping te volg totdat hy sy einddoel bereik het, naamlik om ander te dien. "Jy doen net goed as die persoon wat jy dien, so sê." 🌱




# BLUE MEANS HIGH INTENSITY REDUCES PASSES RUBIN 12 COMPACT DISC HARROW



The Rubin 12 from LEMKEN is the ideal tool for mixing in large quantities of plant material evenly into the soil, thanks to the large 736 mm disc and a unique dual-angle to the soil. It is equally at home in hard soils. The hydraulically adjusted following rollers accurately control the working depth and crumble and firm the soil to leave behind an ideal seedbed.

- Working depth of 7-20 cm, hydraulically adjusted
- Symmetric disc arrangement to eliminate side-pull forces
- Mixes organic matter homogenously into soil for rapid organic material decay
- High working speed ensures intensive tillage and high acreage performance

## KARAT 9 COMPACT CULTIVATOR



The Karat 9 from LEMKEN is capable of loosening and mixing the soil at the same time thanks to the unique tine spacing. This means the soil is loosened and aerated while large quantities of plant residue can be mixed in without plugging up. Thanks to the share quick change system from LEMKEN and the accurate depth control it is easy to always work at the right depth with the correct share.

- Maintenance free overload system for tines
- Working depth of 5-30 cm
- Available in 3-7 m working widths
- Heat treated wearing parts for longer service life

Contact your nearest area sales manager to find out more about LEMKEN

**Karel Munnik, director + area sales manager, 082 412 2577, [k.munnik@lemken.com](mailto:k.munnik@lemken.com)**  
**Blackie Swart, area sales manager, 082 404 9651, [b.swart@lemken.com](mailto:b.swart@lemken.com)**

 **LEMKEN**  
The Agrovision Company





# Eddie Morrison

Na 37 jaar steeds jou gesoute wapenkenner by die Hinterlandtak in Bothaville

EDDIE MORRISON IS NA AMPER VIER DEKADES DIENS NOG STEEDS JOU ONMISBARE EN MEES BETROUBARE WAPENKENNER BY DIE HINTERLANDTAK IN BOTHAVILLE.

## EDDIE HET HOPE WAPENKENNIS

Eddie se kaliber skop jy nie maklik agter enige hoek en draai uit nie! Hy het al in 1980 by die Bothaville-tak begin werk en sedert die wapenkluis op 19 Augustus 1984 hier oopgemaak het, is Eddie se naam sinoniem met wapens in Bothaville. Nie net in die dorp en die hele Suid-Afrika nie, maar ook in lande soos Botswana, Namibië, Tanzanië en Zimbabwe. “Ons stuur die wapens en ammunisie direk aan hulle. Ons doen net eenvoudig meer moeite om ’n goeie diens te kan lewer,” sê Eddie.

Eddie, wat die hoof van winkelverkope by Bothaville is, het ’n besondere groot liefde vir wapens. Mens sou dink dat sy liefde vir wapens in die weermag ontstaan het waar hy in 1974 en 1975 in Pretoria gestasioneer was. Maar nee, “My liefde het by Senwes in Bothaville begin.” Toe hy eers fisies met wapens en ammunisie by hierdie einste tak begin werk het, het sy passie begin uitbrei en het hy toe reeds geweet: “Hier is iets lekkers.” En wat meer is, is dat

dié ongelooflike passie al vir dekades reg op die voordeur van klante is.

Vir Eddie, wat in Welkom gebore is en by Wessel Maree Hoërskool in Odendaalsrus gematrikuleer het, is sy groot wapenheld dr. Lukas Potgieter, wat sekerlik die grootste en wapenkenner in Suid-Afrika was. Volgens Eddie was “daar niks wat hy nie van wapens en ammunisie geweet het nie. Lukas het selfs rubrieke vir die *Landbouweekblad* geskryf en was sy leermeester.

Die 61-jarige is verseker nie ’n nuweling in die dorp nie en het al verkope van miljoene rande hanteer. Sy grootste verkope op een dag was in 1994 by Bothaville toe meer as R1 miljoen se wapens tydens ’n wapendag verkoop is. Wapenkluise in Klerksdorp, Potchefstroom, Odendaalsrus en Wesselsbron is tóe leeggemaak om aan klante by die Mieliehoofstad te voorsien. “Daar het drie rye mense by die deure gestaan tot in die oop erf oorkant die ou Tak 3,” onthou Eddie passievol.

## EDDIE OOK AL 34 JAAR BY NAMPO

Om alles te kroon gaan die wapenkenner vanjaar sy 34ste agtereenvolgende jaar by die Nampo Oesdag vier. Hy vertel die groot nuus vanjaar is dat Hinterland die Creedmoor 6.5 Howa in voorraad het, ’n volle 20 van hulle – “Ons het dit reggekry om een van slegs twee verspreiders hiervan in die hele Suid-Afrika te wees. Dit is ’n nuwe en vinniger kaliber en baie akkuraat en word baie op die skietbane gebruik vir skyfskiet,” sê Eddie.

Wees verseker dat daar by

Nampo 2017 ’n groot verskeidenheid wapens, ammunisie, herlaai-toebehoere en teleskope in die Hinterlandsaal sal wees. “Soos die haelpatrone wat meestal van Amerika ingevoer word. ’n Vrag van 40 000 kaste van 250 rondtes elk is ingevoer. Ons doen dit nou al jare vir produsente en klante omdat hulle dit gebruik vir die skiet van kransduiwe by sonneblom en kleiduifskiet.” Dan is daar boonop ook CZ pistole wat beslis teen baie goeie afslag by alle wapentakke beskikbaar sal wees.

Soos gebruiklik is daar tallepromosiepryse by die wapenkluis, wat Eddie sê “net so goed is soos sy tak in Bothaville. Produsente weet ons is al dekades hier en sommige kom doen selfs hulle jaarlikse aankope by Nampo.”

Eddie is vandag baie dankbaar vir sy klante en werkgewers – “Dit wat ek weet, het ek by my klantevriende geleer. Ek is ook dankbaar vir die ongelooflike ondersteuning van die bestuur. Selfs na my ongeluk ’n week na my verjaarsdag op 15 Februarie 1985, was hulle daar vir my. Of ek nou in ’n rystoel is of geen rystoel nie, dié mense is absoluut fantasties.”

En so kan jy verseker wees van uitstekende diens by Eddie en Hinterland in Bothaville. Hy glo dat met soveel jare in die bedryf, verskeidenheid produkte en afslagpryse “’n klant nie net uit die winkel kan stap nie.” So, kom besoek Eddie by die Hinterlandtak in Bothaville vir ’n uitstekende verskeidenheid van wapens en natuurlik die beste en mees ervare diens ooit wat jy slegs by Eddie kan kry! 📍

# Meer as net LANDBOU



## My keuse, my Senwes.

Senwes Equipment weet wat ons klante wil hê en ons maak seker hulle kry dit. As eksklusiewe John Deere handelaar verseker ons jou toegang tot die nuutste ontwikkelings. Ons sorg dat jy die beste het wat geld kan bied.

Senwes  
equipment



BESTE  
ONDERDELE  
NETWERK EN TOEVOER



TOEGANG TOT  
FINANSIERING  
GROOT VOORDELE



BESTE TEGNIESE  
DESKUNDIGES  
ONDERSTEUNING



KOMPETERENDE  
INRUILPRODUKTE  
KWALITEIT EN DIENS

107

GESTIG  
IN 1909  
'N EEU VAN LANDBOU



[http://senwes.co/7min\\_DVD2014](http://senwes.co/7min_DVD2014)



# Rentevrye lenings aan trusts

DIÉ REDELIK DRAMATIESE VERANDERING HET 'N IMPAK OP RENTEVRYE LENINGS AAN TRUSTS, ASOOK DAARDIE LENINGS WAAROP RENTE GEHEF WORD, MAAR TEEN 'N KOERS LAER AS DIE AMPTELIKE RENTEKOERS.

« LUCAS COETSEE  
LIBERTY REGSPESIALIS

**D**ie verskil tussen die amptelike koers en die werklike rentekoers gehef, word van 1 Maart 2017 beskou as 'n skenking in die hande van die persoon wat die lening gemaak het.

Byvoorbeeld:

Mnr X dra bates ter waarde van R20 000 000 oor aan sy diskresionêre trust, op leningsrekening. Die huidige amptelike rentekoers is 8% per jaar. Mnr X hef geen rente op die lening aan die trust nie.

$R20\,000\,000 \times 8\% = R1\,600\,000$  is die rente wat gehef moes word, maar nie gehef is nie. Daar word geag dat mnr X die R1 600 000 aan die trust geskenk het. Die huidige koers van skenkingsbelasting is 20%.

Met die aanvaarding dat geen ander skenkings deur mnr X gemaak is nie:

$R1\,600\,000 - R100\,000$  (jaarlikse belastingvrye skenking) =  $R1\,500\,000 \times 20\% = R300\,000$  in skenkingsbelasting is betaalbaar deur mnr X aan die SAID.

Solank as wat die leningsrekening op die boeke van die trust bly, gaan hierdie berekening elke jaar moet plaasvind met die toepassing van die relevante waardes op daardie tydstip. Dit maak nie saak wanneer die lening gemaak is nie,

skenkingbelasting sal van toepassing wees op alle uitstaande lenings soos op 1 Maart 2017.


Hierdie wysiging het 'n impak op baie hoë netto waarde kliënte wat bates of kontant oorgedra het na 'n trust deur middel van 'n leningsrekening. Hulle sal dalk hulle truststrukture wil hersien om nou rente op die leningsrekening te hef, of om voorsiening te maak en te verseker dat hulle die geld het om die skenkingsbelasting te betaal.

Hulle kan selfs oorweeg om hul trust tot 'n einde te bring. Hier is dit baie belangrik om terug te gaan na die basiese beginsels van trusts. As die trust gestig is om rykdom vir toekomstige geslagte te skep en te beskerm, gaan niemand bly wees om meer belasting te betaal nie, maar sal dit aanvaarbaar wees dat dit die prys is wat jy moet betaal om jou uiteindelijke behoeftes aan te spreek. As die besparing van belasting die enigste beweegrede rede is vir die stigting van die trust, is die bitterheid van die belastinglas des te groter.

Dit is belangrik om te onthou dat die nuwe bepalinge nie van toepassing is op alle trusts en alle lenings nie. Spesifieke tipes trusts (bv trusts gestig as openbare welsynsorganisasies en vestigings trusts) sal uitgesluit word en lenings gemaak met betrekking tot primêre wonings is vrygestel. 📞



*Versekering vir almal*



*Is dit nie tyd dat  
**Certisure** na jou  
versekering kyk nie?*



- *Bateversekering*
- *Oesversekering*
- *Finansiële beplanning*
- *Beleggings*
- *Mediese fondse*
- *Wildversekering*
- *Begrafnisskemas*

*Reliable • Betroubaar*

**CertiSure**  
*Brokers • Makelaars*

**www.certisure.co.za**

- Gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer
- Authorised Financial Services Provider

Certisure Hoofkantoor  
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp ■ Tel: 018 464 7494

Willem en Gert Junior  
Stols wys trots hul  
kuierplek bo-op 'n  
spilpunt.

# Spilpunt

## in 'n japtrap in kuierpunt omskep

OP 'N PLAAS SOWAT 6 KM VANAF NAMPO PARK NABY BOTHAVILLE, ONTMOET EK DIE TWEE JONG BOERSEUNS WILLEM (21) EN GERT JUNIOR (19) STOLS. DIÉ TWEE AGTERMEKAAR PRODUSENTE HET EINDE JANUARIE 2017 DIE BLINK GEDAGTE GEHAD OM 'N KUIERPLEK IN DIE LANDE TE SKEP. REG BO-OP 'N SPILPUNT!

« AUBREY KRUGER

**D**ie twee vertel dat hulle eers 'n gewone platform op Facebook gesien het, waarna hulle besluit het om die idee “na die volgende vlak te neem.” Oordeelkundig het die boerseuns eers die manne van Agrico gekontak, wat aan hulle die spreekwoordelike groen lig gegee het om die kuierplek te bou, met die voor-

waarde dat niks aan die spilpunt vasgesweis mag word nie. Geen probleem vir hierdie broers wat by Kroonstad Hoërskool gematrikuleer het nie. Hulle het sommer dadelik aan die werk gespring en alles van hoekyster, ogiesdraad en *rectangular tubing* gebruik om die kuierarea mee te bou en alles maklik aan die spilpunt vasgebout.

Op die vraag oor hoeveel mense hierop kan kuier, kom die antwoord maklik. “Toe ons dit klaar gebou het, het 14 plaaswerkers op en af op die platform gespring en dit het die toets geslaag.”

Hier bo-op die platform, wat meer as 4 meter bo die grond uittoon, kan jy lekker rustig wees. Die twee spot ook dat “Pa Gert hier bo lekker vir die mielies kan kyk. En as ons lui wil wees, kan ons van hier bo af hom gelukkig van ver sien aankom.”

Daar word oor naweke saam met familie en vriende gebrui. En as 'n Senwester hier 'n draai kom maak, soos hierdie joernalis, dan word jy na die spilpunt sowat 17 km ver geneem. Soos Andrew Weber, Sleutelrekeningbestuurder by Senwes en Phillip Havenga,

Verhoudingsbestuurder by Bothaville, op 14 Februarie ook gedoen het.

Hier bo is dit baie rustig en die geritsel van die wind tussen die mielies is hoorbaar. Daar is 'n pragtige uitsig oor die horison met Senwes se Regina Silo as deel van die landskap. Maar waar het die twee gebrui voor dié uitsonderlike braaiplek? Die braaier was sommer op die grasperk geparkeer of as hulle in die veld is, is enige oop kolletjie in die veld die lekkerste.

Met nege spilpunte op die plase Krugerskraal en Nederlanden, en nog drie in die beplanning, kan jy verseker wees dat dié vierde-generasie produsente beslis nog een gaan bou en verbeterings gaan aanbring met ligte en yskaste. Die vangskoot is egter dat hulle nie krag van die spilpunt mag trek nie.

Die twee jongmanne is egter seker dat iemand in die toekoms 'n bétér idee gaan kry. Na so twee ure se kuier, terwyl die spilpunt 14 grade heen en weer beweeg het, is die kuier vir eers verby. “Dis 'n lekker plek. Jy kyk wyd uit, kan net rustig wees met niks wat jou pla nie, behalwe natuurlik die muskiete,” sê hulle. ●



# Agri-Hertzogville wen R10 000 van John Deere Finance

**D**ie Agri-Hertzogville Boere-unie het 'n 45-man delegasie gestuur om die eerste Senwes Equipment Ekspo by Nampo Park op 8 en 9 Februarie vanjaar by te woon en daardeur 'n verstommende R10 000, goedgegunstig geskenk deur John Deere Finance, gewen.

Indien Senwes Equipment Uitvoerende Bestuurder, Ferdie Pieterse, bekommerd was oor die aantal persone wat die ekspo sou bywoon, was dit nie nodig nie. Meer as 1 200 produsente, belanghebbendes en hul vrouens het die geleentheid bygewoon, wat oor twee dae gestrek het. 'n Indrukwekkende versameling John Deere en JCB produkte is vertoon en daar was ook verskeie voorstellings deur maatskappye soos John Deere, JCB, Rovic Leers en andere.

Lees meer daaroor op bladsy 10 en 11 in die *Senwes Scenario*.



**Foto bo:** Marius Groenewald, Voorsitter van Agri-Hertzogville, en sy vrou Tania, ontvang hul prys van Ferdie Pieterse en John Deere se Gebiedsbestuurder, Philip du Plessis.

Marius sê die prys is baie welkom en sal teruggeploeg word in die boere-unie. Tania het Senwes Equipment se eerste Ekspo geloof en gesê dat dit "baie interessant was vir die dames, veral die motiveringspraatjie deur aktrise Leandie du Randt, en die optrede deur sangeres Irene-Louise van Wyk".

Ferdie het bygevoeg dat die sukses van die ekspo beteken dat dit moontlik 'n jaarlikse gebeurtenis kan word. ●



## Beskerm jou waardevolle plante NOU teen suigende- en bytende insekte.



### Meridian

- Voorkomende en korrektiewe sistemiese behandeling teen italiaanse sipresluise en plantluise op rose
- Beheer miswurms (kewerlarwes) en molkrieke
- Vinnige, langdurige beheer
- Maklike, gerieflike worteltoediening (gronddeurweking)
- Veiliger, omgewingsverantwoordelike groenbandformulasie
- Verpak in wateroplosbare sakkies, dus geen meet/hantering van produk



### Complete 350 SC

- Voorkomende en korrektiewe sistemiese behandeling teen plantluise, blaarmyners, rooidopluise, blaaspootjie, witvlieg en psylla (bladvlooi) op sitrusbome, groente en sierplante
- Seisoenale toediening
- Maklike, gerieflike worteltoediening (gronddeurweking)



Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.proteksa.co.za](http://www.proteksa.co.za)

**Vir jou Huis en Tuin!**

|               |                   |              |
|---------------|-------------------|--------------|
| Insekdoorders | Onkruiddoorders   | Swamdoorders |
| Spesialiteite | Knaagdierdoorders | Kunsmis      |

Wet 36 van 1947

**Complete 350 SC:** Imidachloprid 350 g/l, L7959, SKADELIK

Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk, Reg No 2009/019713/07

**Meridian:** Thiamethoxam 250 g/kg, L7824, VERSIGTIG

Registrasiehouer: Syngenta (Pty) Ltd, Reg No 1998/013761/07

Versprei deur Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438, Tel (011) 812 9800 or 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.proteksa.co.za](http://www.proteksa.co.za)

**HONDA**  
The Power of Dreams

# FireFighters



Agpro High Pressure Honda  
Firefighter Pressure Sprayer

4000



Agpro High Pressure  
Honda Fire Fighter

4000

Agpro Low Pressure  
Honda Fire Fighter

4000



**agpro**

**prodist**  
diamond supply trust

For more info contact us at 0861 111 211 or visit our internet catalogue at  
[www.prodist.co.za](http://www.prodist.co.za) | Fax 0186 186 481 2540 or  
[sales@prodist.co.za](mailto:sales@prodist.co.za) or visit your nearest Agricultural store.

.... **HANDELSNUUS**

## Ken jou Certisure Makelaar

**CARLA WISE**



« AUBREY KRUGER

### WAT DOEN JY BY CERTISURE? WAT BEHELS JOU TAKE?

Ek tree op as versekeringsmakelaar (tans nog onder toesig) vir Certisure in Viljoenskroon en bemark korttermyn- en oesversekering van verskeie versekeraars. Verder hanteer ek eise en is verantwoordelik vir die bestuur van die Viljoenskroon kantoor.

### HOE HET JOU LOOPBAAN GEVORDERD TOT NOU?

Direk na skool het ek by die plaaslike paneelklopers begin werk. Ek en die eienaar, wat ook 'n skool liefde was, is 'n jaar nadat ek begin werk het, getroud. Ek het vir ongeveer 17 jaar daar gewerk voor ek vier jaar gelede by Certisure begin werk het.

### WAAR IS JY GEBORE EN WAAR HET JY SKOOLGEGAAN?

Ek is gebore en getoë in Viljoenskroon en my laer- en hoërskoolloopbaan is in Viljoenskroon by Salomon Senekal Hoërskool voltooi.

### WAT WAS JOU PLANNE NA SKOOL?

Finansies was maar skraps vir tersiêre onderrig en daarom het ek direk na skool begin werk.

### HOE SIEN JY JOU TOEKOMS BINNE DIE MAATSKAPPY?

Ek sal graag die nodige kwalifikasies wil behaal en steeds streef na goeie dienslewering. My mikpunt is om die kliënt gemaklik te laat voel om met my besigheid te doen omdat hulle gemaklik is met my as makelaar. Gelukkige kliënt, gelukkige makelaar, gelukkige Certisure.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AAN JOU KLIËNTE SAL GEE?

Maak seker jy weet wat jou behoeftes is rakende jou korttermynversekering of oesdekking. Kom-munikeer met jou makelaar sodat julle mekaar verstaan. Dit sal die toekomstige kliënt/makelaarverhouding net sterker maak.

### WAT DOEN JY IN JOU VRYE TYD? ENIGE STOKPERDJIES?

Hou van lees wanneer ek 'n kansie kry.

### FAMILIE?

Was getroud, onlangs geskei en het twee dogters, Marijke (18 jaar) en Anke (13 jaar). ●

# SPAAR SOVEEL AS R360 000

as jy jou John Deere stroper finansier deur John Deere Financial\*

Onder-prima  
besparing

Deposito

-5%

50%

-4%

-3%

30%

-2%

20%

Finansier dit teen 'n rentekoers van 0.1% gekoppel aan prima met 'n 50% deposito OF  
finansier dit teen 'n rentekoers van 8% gekoppel aan prima met 'n 20% deposito\*

## Finansiering gebou vir jou

\*Bepalings en voorwaardes geld. Aanbod geldig tot 31 Mei 2017 en gebaseer op 'n spesifieke struktuur. Ander strukture kan egter binne die promosie geakkommodeer word wat 'n unieke besparing en/of rentekoers sal hê.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n lid van Barclays, 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.

Ondersteun deur



Sluit aan by John Deere op Facebook



Volg John Deere op Twitter



Besoek John Deere op YouTube



**JOHN DEERE**  
FINANCIAL

www.Deere.co.za  
Africa@johndeere.com  
Kliëntediens: 0800 983 821





# Safex Scenario's met Susari

SUSARI GELDENHUYS

## INLEIDING

Suid-Afrikaanse graanpryse is bekend daarvoor dat dit besonders volatiel kan wees weens onsekerheid oor wat die toekoms mag inhou vir die graanmark. Toekomstige voorraadvlakke, invoere, hektare aangeplant en opbrengste is slegs 'n paar van die faktore wat onsekerheid (en dus prysvolatiliteit) in die mark veroorsaak het. Die onlangse oorgang van die ou seisoen met lae voorraadvlakke na die nuwe seisoen met meer gunstige produksieverwagtinge, is 'n klinkklare bewys. Hierdie volatiele omstandighede bemoeilik goeie verskansings- en beleggingsbesluite vir alle markdeelnemers. Daar bestaan egter twee algemene hulpmiddels in die vorm van fundamentele analise en tegniese analise, wat sal bydra tot 'n hoër waarskynlikheid van sukses

wanneer so 'n besluit oorweeg word.

Fundamentele analise en die basis van tegniese analise is reeds in vorige artikels bespreek. Die vorige artikel het op die basis van ontleding van verskeie prysformasies gefokus, meer spesifiek die bepaling van ondersteunings- en weerstandsvlakke. Die onderstaande artikel brei verder hierop uit deur die ontleding van verskeie prysformasies.

## PRYSFORMASIES

Prysformasies kan gedefinieer word as 'n grafiese patroon van prysbewegings wat bepaal word deur verskeie ondersteunings- en weerstandsllyne. Daar bestaan 'n hoë waarskynlikheid van sukses indien die formasies reg herken en geïnterpreteer word. Die mees algemeen gebruikte formasies

wat normaalweg op 'n tendens ommekeer<sup>1</sup> dui, sluit in: *Tops and Bottoms*, en *Head and Shoulders*.

## *Tops and Bottoms*

As een van die bekendste en mees gebruikte formasies, kan *Tops and Bottoms* relatief maklik geïdentifiseer en geïnterpreteer word. Die formasie dui normaalweg op 'n tendens ommekeer nadat 'n ondersteunings- of weerstandsvlak verskeie kere getoets is, maar nie suksesvol kon breek nie. Verskeie *Tops and Bottoms* kan vorm, en laat die name niks oor aan die verbeelding nie. 'n *Double Top of Bottom* dui op 'n weerstands- of ondersteuningsvlak wat twee keer getoets is, waar 'n *Triple Top of Bottom* dui op 'n vlak wat drie keer getoets is.

'n *Top (Bottom)* formasie word hoofsaaklik gevorm deur die

<sup>1</sup> Formasies wat normaalweg dui op 'n voortsetting van die voorafgaande tendens is reeds in die vorige artikel bespreek.



Grafiek 1. Double Top.

BRON: SAAMGESTEL DEUR OUTEUR.



Grafiek 2. Head and Shoulders.

BRON: SAAMGESTEL DEUR OUTEUR.

horisontale weerstandsvlak (ondersteuningsvlak) te bepaal, waarna die regstelling dan as horisontale ondersteuningsvlak (weerstandsvlak) dien. Indien die markpryse verskeie kere die weerstandsvlak (ondersteuningsvlak) getoets het en dan deur die ondersteuningsvlak (weerstandsvlak) breek, vorm 'n nuwe tendens in die teenoorgestelde rigting as die voorafgaande tendens. 'n Ommekeer in die tendens word gewoonlik bevestig deur 'n toename in verhandelingsvolume, en word aangeraai dat verhandelingsvolume in samewerking met *Tops and Bottoms*

geanaliseer word. Grafiek 1 is 'n grafiese voorstelling van 'n *Double Top*.

### Head and Shoulders

Hierdie formasie is sekerlik een van die mees populêre formasies onder tegniese analiste, aangesien die formasie binne enige tydperk geanaliseer kan word. Dus is dit die ideale formasie vir beide kort- en langtermyn markdeelnemers. Beide 'n *Head and Shoulders* en *Inverse Head and Shoulders* word op dieselfde basis geïnterpreteer en word die basiese konsepte van 'n *Head and Shoulders* hier ver-

duidelik. Die formasie bestaan uit vyf kenmerkende eienskappe (soos grafies voorgestel deur Grafiek 2): sterk voorafgaande tendens, linkerskouer, kop, regter skouer en neklyn.

- i. Die *Head and Shoulders* formasie kan meer akkuraat geïnterpreteer word indien die formasie vorm aan die einde van 'n **sterk opwaartse tendens**<sup>2</sup>. As algemene reël sal 'n tendens ommekeer meer beduidend wees indien die voorafgaande tendens oor 'n langer termyn vorm.
- ii. Die **linkerskouer** van die formasie vorm waar prys 'n

> VERVOLG OP BLADSY 44

<sup>2</sup>Dieselfde interpretasie geld vir 'n *Inverse Head and Shoulder*-formasie wat vorm aan die einde van 'n sterk afwaartse tendens.

## Safex Scenario's

&gt; VERVOLG VAN BLADSY 43

nuwe hoogtepunt bereik, maar herstel om uiteindelik wel 'n hoër laagtepunt binne die voorafgaande tendens te vorm.

- iii. Vanaf die laagtepunt van die linkerskouer, styg pryse om weer 'n nuwe hoogtepunt te bereik. Kopers is wel nie in staat om die skerp styging vol te hou nie en daal pryse gewoonlik deur die ondersteuning van die voorafgaande tendens om relatief in lyn met die vorige laagtepunt te sluit. Hierdie prysbewegings vorm dan die **kop** van die formasie.
- iv. Vanaf die vorige laagtepunt klim kopers weer in die mark, maar kan ongelukkig nie 'n wesenlike prysstyging volhou nie. Markpryse vorm dan 'n laer hoogtepunt om die **regterskouer** te vorm en is die hoogtepunt redelik in lyn met die linkerskouer se hoogtepunt. Pryse daal wel om dan uiteindelik die neklyn te breek.
- v. Die finale eienskap van die *Head and Shoulders*-formasie, is die **neklyn**. Die neklyn word gevorm deur die laagtepunt aan die einde van die linker skouer (begin van die kop) en die laagtepunt aan die einde van die kop (begin van die regterskouer) met mekaar te verbind. Hierdie lyn kan opwaarts of afwaarts neig, of kan selfs 'n horisontale lyn voorstel.

Indien pryse onder die neklyn sluit, is die formasie voltooi en kan 'n markposisie in lyn met die verwagte prysdaling ingeneem word. Die interpretasie van die formasie bied verder ook 'n verwagte prysteiken. Hierdie teiken word bepaal deur die vertikale afstand tussen die neklyn en die hoogtepunt van die kop afwaarts te projekteer van die punt af waar die mark deur die neklyn breek. Let wel dat dit voordelig is om die formasie in samewerking met volume te interpreteer, aangesien 'n styging in volumes dui op verdere bevestiging.

## SLOT

Deur slegs 'n redelike begrip te hê van die bostaande inligting, is u reeds 'n stappie voor die res. Dit is voordelig om tegniese analise met fundamentele analise te kombineer om sodoende die beste moontlike besluit te kan neem, aangesien 'n breek deur 'n langer termyn ondersteunings- of weerstandsllyn gewoonlik gekoppel kan word aan fundamentele vraag- en aanbodfaktore wat verander.

Tegniese prysgrafieke bied analiste die geleentheid om die verhouding tussen vraag en aanbod visueel voor te stel en kan moontlike veranderings in hierdie verhouding deur verskeie prysformasies aangedui word. Met ondersteunings- en weerstandsllyne as basis, bestaan verskeie formasies wat geanaliseer kan word om moontlike koop- en verkoopseine te genereer. Die komende artikels fokus op die interpretasie van die formasies.

Vir meer inligting of om kompeterende opsiepryse op 'n groot verskeidenheid kommoditeite te bekom, skakel gerus vir Susari Geldenhuys by 018 464 7430 of 072 116 9999 of e-pos haar by [Susari.Geldenhuys@senwes.co.za](mailto:Susari.Geldenhuys@senwes.co.za).

Die *Senwes Scenario*-redaksie vra om verskoning vir die foute wat tydens die produksieproses ingesluip het in die gedrukte weergawe van die artikel in die Februarie/Maart 2017-uitgawe.




# NAMPO 2017



**HEXAGON AGRICULTURE**  
Complete. As your crop deserves.

**FUNCTIONS**

- Yield Monitoring
- Fuel Monitoring
- Variable Rate
- Section Control
- Auto Steering
- Seedling Estimation
- Weathering

**IntelliAg™**  
Precision application control that offers customizable solutions for:

- Seeding
- Genetics
- Fertilizer
- Planting
- Harvest control



**Your ISOBus Specialist**  
Contact Ronin today for optimising your ISOBus system with durable Sensors and Control Modules.

Come and visit us in the Santam Hall. Ask about our "Price Lock" promotion.

Contact Leandra : 021 948 7008 / [leandra@roninsolutions.co.za](mailto:leandra@roninsolutions.co.za)





JOU RISIKO-  
BESTUUR



ONS PRESTASIE EN  
STABILITEIT

**SAAM  
BOER ONS VIR  
DIE TOEKOMS**

Ons witbasterpakket bied goeie prestasie, aanpasbaarheid en stabiliteit. Ons help jou om gewasproduksie te optimaliseer vir 'n vooruitstrewende boerdery. PANNAR is verbind tot jou sukses.

[www.pannar.com](http://www.pannar.com) | [infoserve@pannar.co.za](mailto:infoserve@pannar.co.za)



© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK  
2017WMAUZEJA/01





# April en Mei 2017: Markverwikkelinge

THYS GROBBELAAR

SENIOR GRAANANALIS, SENWES GRAINLINK

DIE DOEL VAN DIE ARTIKEL IS OM 'N BREË MARKOORSIG VAN DIE BELANGRIKSTE GRANE EN OLIESADE TE GEE AANGESIEN DAAR 'N REDELIKE TYDSVERLOOP TUSSEN DIE SKRYF VAN DIE ARTIKEL EN DIE PUBLIKASIE DAARVAN IS.

## Prysdrywers in die graan- en oliesademarkte

### INTERNASIONALE FUNDAMENTELE FAKTORE

#### Internasionale ekonomiese situasie

Die dollar het die afgelope tyd redelik verswak teenoor die belangrikste geldeenhede in die wêreld. Die rand het in die proses weer versterk teenoor die dollar. Die rand/dollar wisselkoers, het van die veranderlikes wat op die kommoditeitspryse van Suid-Afrika inwerk, seker die grootste korrelasie. Die versterking van die rand sal dus ook redelik negatief op ons plaaslike kommoditeitspryse inwerk (Grafiek 1).

#### Internasionale kommoditeitspryse

Groot oordragvoorrade en relatief gunstige groeitoestande oor die grootste deel van die wêreld plaas redelike druk op die internasionale prys van byvoorbeeld mielies, koring en sojabone. Grafiek 2 dui die prysverloop van geelmielies op die Chicago termynbeurs aan. Die



Grafiek 1. Die R/\$-wisselkoersbeweging.




Grafiek 2. Amerikaanse geelmielieprys (c/bu) beweging op CBOT (Reuters).

grafiek dui wel 'n effense styging in die Amerikaanse geelmielieprys aan, maar dit val met hulle tradisionele prystendens waar pryse na strooptyd stadigaan styg totdat die bestuigingsproses afgehandel is en daar klarigheid oor die oes is. Die Amerikaanse mielieprys het redelik gedaal die afgelope drie seisoene. Die relatiewe lae Amerikaanse geelmielieprys plaas wel druk

op die Suid-Afrikaanse wit- en geelmielieprys.

#### Energiepryse

Soos bekend gebruik die Amerikaners ongeveer 35% van hulle totale mielieoes om etanol te produseer. Teen die huidige prysvlakke van Amerikaanse ru-olie, maak sewe van die grootste etanolaanlegte in die VSA 'n



Grafiek 3. Light sweet ru-olieprys/vat (Reuters).



Grafiek 4. Die lang termyn Julie-kontrak witmielieprys asook die 2017 prysbeweging op Safex.

bruto marge van tussen \$0.39 en \$13.42 per metrieke ton. Dit is maar 'n geringe marge en dit gaan waarskynlik die mielieprysbeweging redelik beperk.

## Prysdrywers in die plaaslike graan- en oliesademarkte

### WIT- EN GEELMIELIEPRYSTENDENSE OP DIE SUID-AFRIKAANSE BEURS

Met die eerste oesskatting van die Nasionale Oesskatting Komitee (NOK) vir hierdie seisoen, blyk dit dat die derde grootste oes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gaan realiseer. Dit bring mee dat, volgens die berekeninge van die National Agricultural Marketing Council (NAMC), daar 'n uitvoerbare surplus van ongeveer 1,3 miljoen ton witmielies en een miljoen ton geelmielies gaan wees.

Verder is die kans goed dat die NOK die Suid-Afrikaanse mielieoes met die volgende oesskatting opwaarts kan aanpas, wat die berekende uitvoerbare surplus net groter kan maak. Die rede is dat die wit- en geelmielieprys tans in die omgewing van die berekende uitvoerpariteit verhandel. Die verskil tussen die berekende in- en uitvoerpariteit kan tot R2 300 per ton wees, afhangend van waar in- en uitvoer word.

Grafiek 4 dui die prysverloop van die witmielie Juliekontrak op die JSE aan. Sedert Julie 2016 volg die kontrakprys 'n dalende tendens. Die La Niña-episode wat vir die komende seisoen voorspel is, het negatief op die prys ingewerk aangesien dié tipe seisoene geassosieer word met bo-gemiddelde opbrengste.

Gedurende Desember 2016 het groot gedeeltes van die westelike produksiegebiede van Suid-Afrika nog nie veel reën ontvang nie en het sandstorms groot gedeeltes van die geplante somergewasse doodgemaak. Dit het die prys vir 'n week of meer sterk ondersteun.

Dit is duidelik uit grafiek 4 dat die Julie 2017 kontrak heeltemal teenoorgesteld verloop as die langtermyn Juliekontrak. Soos vermeld is die groot berekende uitvoerbare surplus die hoofrede.

Twee veranderlikes wat 'n deurslaggewende effek op die berekende uitvoerpariteit het, is die R/\$-wisselkoers en die Amerikaanse geelmielieprys. Tabel 1 is 'n sensitiwiteitsanalise wat die effek van 'n verandering in die R/\$-wisselkoers en die Amerikaanse geelmielieprys op die berekende uitvoerpariteit het. Die Julie 2017 Amerikaanse geelmielieprys is in die omgewing van \$3.60 per skepel en die R/\$-wisselkoers is in die omgewing van R12.50 vir die dollar. Dit kom op 'n berekende uitvoerpariteit van R1 756 per ton te staan. Met die skryf van die artikel het witmielies vir die Julie 2017 kontrak op R1 723 per ton op die JSE verhandel.

Wat die wit- en geelmielieprys posities kan beïnvloed is indien dit duidelik is dat wesenlike hoeveelhede wit- en geelmielies uitgevoer is en die berekende oordragvoorrade nader aan die benodigde pypplyn beweeg. Dit bring ongelukkig 'n hartseer feit na vore, naamlik dat die wit- en geelmielieprys vir 'n periode by of onder die berekende uitvoerpariteit beweeg sodat genoegsame hoeveelhede uitgevoer word. Die huidige lae mielieprys het tot gevolg dat 'n baie groot persentasie mielieproducente nog geen grane verhandel of verskans het nie. Dit kan tot verdere prysdruk tydens

> VERVOLG OP BLADSY 48



April en Mei 2017

> VERVOLG VAN BLADSY 47

strooptyd aanleiding gee. Die produsent moet met sy graanbemarkingsadviseur in gereelde kontak wees om geleenthede oor die kort termyn te benut en te beplan hoe hierdie lae prysvlaksituasie die beste uitbestuur kan word onder die omstandighede oor die langer termyn. Daar is wel bemarkingsinstrumente wat onder die huidige omstandighede gebruik kan word om die huidige uiters lae prysvlakke tot 'n mate uit te bestuur.

## Oliesadekompleks

### SONNEBLUM EN SOJABONE

Volgens die eerste oesskatting van die NOK kan die berekende oordragvoorraad van sonneblom oor die 180,000 ton vir die bemarkingsjaar wees. Daar is egter

uiteenlopende terugvoering uit die veld oor die stand van sonneblom-opbrengste wat realiseer. Daar is teleurstellende opbrengste wat vermeld word en aan die ander kant word uitstekende opbrengste ook gerealiseer. Teen die huidige sonneblomprys, wat aansienlik laer as die sojaboonprys is, word sonneblom baie fluks geper en word goeie persmarges gerealiseer. Dit kan hopelik die sonneblom-oordragvoorraad op 'n manier wegwerk en kan pryse hopelik later herstel. Die sonneblomprys wat tans op die JSE realiseer is laer as die berekende afgeleide uitvoerpariteit. Omdat sonneblom gewoonlik dadelik deur die produsente verkoop word, is die sogenaamde stroopdrukke wat ervaar word ook hewiger as wat in die


geval van mielies ervaar word.

Grafiek 5 dui die seisoenale prystendens van sonneblom aan. Die sonneblomprys daal gewoonlik jaarliks vanaf middel Januarie en herstel dan gewoonlik vanaf die helfte van Mei. Die daling het vanjaar reeds gedurende die helfte van Oktober 2016 begin en duur steeds voort. Die verwagting is dat die daling gaan voortduur tot middel Mei.

Dieselfde prystendens word in die geval van sojabone waargeneem. Die NOK dui 'n verwagte oes van 1,07 miljoen ton aan en die NAMC dui 'n berekende oordragvoorraad van 73,000 ton aan. Die vraag en aanbod van sojabone is redelik in balans, maar nieteenstaande hiervan het die prys, net soos in die geval van sonneblom, skerp gedaal. Die sojaboonprysdaling het later as sonneblom begin, naamlik vanaf middel Januarie 2017. Die verwagting is dat die daling gaan voortduur tot einde April 2017 soos dit waargeneem word in die geval van die langtermyn seisoenale tendens. Ook in die geval van die oliesade moet die produsent in voeling bly met sy graanbemarkingsadviseur.

Table 1: Die berekende uitvoerpariteite van Suid-Afrikaanse witmielies na Suid-Oos Asië.

|                                |       |        |                        |        |        |          |        |        |        |
|--------------------------------|-------|--------|------------------------|--------|--------|----------|--------|--------|--------|
| Mielie-oorsprong: Randfontein  |       |        | Vragkoste voordeel     |        |        | USA-\$11 |        |        |        |
| Leweringspunt: Suid-Oos Asië   |       |        | Basis CBT na FOB(\$/t) |        |        | \$22     |        |        |        |
| Datum: 24 Maart 2017           |       |        | Kwaliteit premie:      |        |        | \$5      |        |        |        |
| VSA CBT geelmielieprys (\$/bu) |       |        |                        |        |        |          |        |        |        |
| Wisselkoers                    |       | 3,40   | 3,50                   | 3,60   | 3,70   | 3,80     | 4,00   | 4,20   | 4,40   |
| R/\$                           | 12,00 | R1 571 | R1 618                 | R1 666 | R1 713 | R1 760   | R1 855 | R1 949 | R2 044 |
|                                | 12,50 | R1 657 | R1 706                 | R1 756 | R1 805 | R1 854   | R1 952 | R2 051 | R2 149 |
|                                | 13,00 | R1 743 | R1 794                 | R1 845 | R1 897 | R1 948   | R2 050 | R2 152 | R2 255 |
|                                | 13,25 | R1 786 | R1 838                 | R1 890 | R1 943 | R1 995   | R2 099 | R2 203 | R2 308 |
|                                | 13,50 | R1 829 | R1 822                 | R1 935 | R1 988 | R2 042   | R2 148 | R2 254 | R2 360 |
|                                | 14,00 | R1 915 | R1 970                 | R2 025 | R2 080 | R2 135   | R2 246 | R2 356 | R2 466 |
|                                | 14,50 | R2 001 | R2 058                 | R2 115 | R2 172 | R2 229   | R2 343 | R2 458 | R2 572 |



Grafiek 5. Die langtermyn seisoensprysverloop van die sonneblom (Spotprys) op Safex.

### OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

Die prysvlakke van al die somergrasse is tans onder groot druk. Die prysvlakke is in baie gevalle onder die berekende produksiekoste, veral in die geval van mielies. Uitvoere sal eers moet geskied voordat die mielieprys enige herstel gaan toon. Die wisselkoers, wat absoluut onvoorspelbaar is, kan wel 'n verandering in die prys veroorsaak. Die vraag is, na watter kant toe? Alhoewel daar op hierdie stadium nie wonderwerke bewerkstellig kan word met betrekking tot bemarking nie, moet die produsent in voeling bly met sy graanbemarkingsadviseur. Planne kan beraam word om die lae prys op die beste wyse uit te bestuur. 

# Hoe verloop die seisoen?

« THYS GROBBELAAR  
SENIOR GRAANANALIS, SENWES  
GRAINLINK


## REËNVALVERLOOP HIERDIE SEISOEN

Die tradisionele Senwes-gebied was hierdie seisoen baie gelukkig wat reënval aanbetref. Die hele gebied het tot op hierdie stadium meer as die langtermynreënval ontvang. Veral die sentrale gedeelte van die gebied het ver bo die langtermyn gemiddeld ontvang. In die sentrale gedeelte van die gebied is daar selfs dele wat versuipskade ondervind. Die suid-westelike gedeelte van die tradisionele Senwes-gebied het egter minder reën as die res van die gebied ontvang. 'n Baie goeie oes word oor die algemeen verwag.


Daar was min reën in Maart en die grootste gedeelte van die tradisionele Senwes-gebied het minder reën as die langtermyn gemiddeld ontvang. Dit is veral die westelike gedeelte van die gebied wat minder reën ontvang het. Met 'n gewastoer wat gedoen is, is dit duidelik dat daar wel aanplantings in die gebied is wat nog reën nodig het. Sou dit nie reën nie, kan opbrengsverliese hier en daar verwag word. Die oes as geheel lyk baie goed en is daar enkele kolle waar daar opbrengsverliese verwag kan word as dit nie verder reën nie.

> VERVOLG OP BLADSY 50

## DIE KUMULATIEWE JULIE 2016 TOT EINDE MAART 2017 REËNVAL AS % VAN DIE LANGTERMYN KUMULATIEWE REËNVAL



## MAART 2017 REËNVAL AS % VAN DIE LANGTERMYN MAART REËNVAL IN DIE TRADISIONELE SENWESGEBIED




## Hoe verloop die seisoen?

> VERVOLG VAN BLADSY 49

Die volgende kaart dui die NDVI (Normalised Difference Vegetation Index) van Suid-Afrika vir Februarie 2017 in vergelyking met die langtermyn Februariebeeld aan. Hierdie indeks word met 'n formule bereken en ruimteafstand-waarneming-satelliete word gebruik in die berekening van die indeks. Dit is duidelik dat gedeeltes van die Vrystaat, Noordwes, Limpopo en die Noord-Kaap baie groener as die res van die land is. Dit beteken in kort dat die groen gebiede baie meer aktiewe groei beleef het as die langtermyn ooreenstemmende periode. Die groot hoeveelheid reën wat ontvang is gedurende Januarie en Februarie 2017, was die hoofrede. Dit is opmerklik dat Mpumalanga, KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap en dele van die Wes-Kaap minder reën ontvang het en dus droër as die langtermyn gemiddeld is. Die uiterste droë kolle, waar daar bykans geen groen plantegroei waargeneem kan word nie, is ook duidelik sigbaar op meegaande kaart.

Ons kan dus terugkyk op 'n gunstige seisoen in die tradisionele Senwes-gebied.

Wat koring aanbetref, lyk sake weer nie baie rooskleurig vir die komende seisoen nie. Ons wil juis



nou vog opgaar en is daar nie voldoende herfsreën nie.

## DIE STAND VAN INDIKATORE VIR DIE RES VAN DIE 2016/2017 SEISOEN

Daar is al hoe meer stemme wat opgaan dat ons in is vir 'n El Niño-jaar die komende seisoen. Die seetemperatuur in die NINO3-4 gebied van die Stille Oseaan is besig om warmer te word. Die sogenaamde NINO 3-4 indeks dui die seetemperatuurverskil teenoor die langtermyn gemiddeld aan. Die vorige seisoen se rekord warm seetemperatuur kan van meegaande kaart afgelei word. Die status in terme van El Niño/La Niña vir hierdie seisoen is tans neutraal.

Die Australian Government Bureau of Meteorology wat baie navorsing doen op die El Niño/La Niña verskynsels dui die status van die episodes aan as "watch" soos uitgebeeld in meegaande diagram. Daar sal eers na minstens nog 5 maande meer sekerheid wees oor die rigting waarin die seisoen verloop in terme van 'n El Niño of La Niña-status.



## OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

Die seisoen het redelik negatief in veral die westelike gedeelte van die tradisionele Senwes bedieningsgebied begin, maar het gelukkig baie voorspoedig uitgedraai. Goeie ooste word verwag en daar gaan waarskynlik met goeie ondergrondse vog in baie gebiede die nuwe seisoen in gegaan word. ●





# Wat beteken my kaliber se naam?

JAN-LODEWYK SERFONTEIN



Voor gewere ontwerp en vervaardig is, was daar ander wapens wat gebruik is om te oorleef en oorlog mee te voer. Messe, spiese en 'n pyl en boog is maar net 'n paar van die wapens wat deur die tyd gebruik is. Net soos gewere het ander wapens ook beskrywings of name gehad om hulle uit te ken tussen ander. Die lang boog, kort boog en die 'recurve' boog is voorbeelde van sulke beskrywings.

In die 17de eeu in Noord-Amerika is daar met gewere geskiet wat langer was as 6 voet en nie baie akkuraat was nie. Gedurende die 18de eeu in Europa is gewere ontwerp wat selde langer as 30-duim lope gehad het. Die lope het ook groewe in gehad wat gewissel het tussen 7 en 9 diep groewe wat 'n stadige draai gehad het.

Gedurende die 18de eeu was kommunikasie en standaarde nie goed ontwikkel nie en is baie nuwe gewere en kalibers op twee verskillende kontinente ontwerp. Vanaf die 18de eeu tot en met die hede is amper dieselfde manier gebruik om nuwe kalibers te 'doop'. Intussen is daar wel twee organisasies waar kalibers gelys en getoets word, maar die twee organisasies gebruik nog steeds verskillende metodes vir benaming.

By die benaming van 'n kaliber wat sy oorsprong in Europa het, word gewoonlik twee mates ge-

noem saam met 'n naam. Die eerste mate is die deursnee van die koeël in mm en die tweede mate is die lengte van die dop. Die naam is meestal die vervaardiger wat die kaliber oorspronklik ontwerp het. Dus is 'n 7 x 57 Mauser se koeël 7 mm in deursnee. Sy dop is 57 mm lank en die Mauser fabriek het die kaliber ontwerp.

Wapens wat hulle oorsprong in Amerika het, se benaming het gewoonlik net een lengte met 'n naam. Die lengte is in duime. So is 'n .243 Winchester se koeël .243 van 'n duim in deursnee en deur die Winchester fabriek ontwerp. Belangrik om te let dat die koeël se deursnee .243 van 'n duim is en nie 243 duim is nie.

Maar hoekom gebruik my 308 Winchester en my 300 Winchester Magnum dieselfde deursnee koeël? En hoekom is my 303 koeël se deursnee meer as my 308 koeël se deursnee?

Wanneer na die volgende dwars-snit van 'n gewere se loop gekyk word, kan waargeneem word dat die loop twee verskillende deursneegate het, waar X die boordiameter en Y die groefdiameter is.



Die deursnee van 'n koeël, in die naam van die kaliber, kan die groef- of die boordiameter wees. In die benaming van 'n 303 is die boordiameter gebruik. In die benaming van 'n 308 Winchester is die groefdiameter gebruik om die koeël se deursnee te beskryf. Met die benaming van die 300 WM is die boordiameter gebruik vir die benaming van die spesifieke kaliber.

## 'N PAAR INTERESSANTE KALIBERNAME

- 30-06 Springfield: .300 Boordiameter koeël wat in 1906 ontwikkel is.
- 25-06 Remington: .30-06 Springfield dop wat afgeek is om 'n .257 kaliber koeël te kan skiet.
- 308 Winchester: Ook bekend as die 7.62 x 51 aangesien sy boordiameter 7.62mm en sy lengte 51mm is.
- 7mm-08 Remington: .308 Winchester dop wat afgeek is om 'n 7mm kaliber koeël te kan skiet.
- 22-250 Remington: 250 Savage dop wat afgeek is om 'n .224 kaliber koeël te kan skiet.

Wees versigtig vir die 6.5-284 Norma, want die .284 dop is in Amerika deur Winchester ontwerp. Later, in Amerika, het Norma dit afgeek na 'n 6.5mm kaliber koeël toe. Daarom die 6.5mm en die .284 duim in een naam! 📍

# My beroepslewe is aangetas!

DS. CAREL BOTMA



“**E**k het alles gehaat waarmee ek my in hierdie wêreld met soveel sorg besig gehou het... alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind.” (Prediker 2:17 tot 22) Die eerste indruk wat 'n mens kry wanneer jy hierdie Skrifgedeelte en in die besonder dié vers lees, is dat die skrywer hiervan geweldig ontnugter in die lewe en sy werk moes gewees het. Hy vind homself vasgevang in die groot ratwerk van die lewe waar die nimmereindigende siklus van geboorte, arbeid en dood besig is om hom fyn te kou en in te sluk. Op die oog af lyk dit asof dit vir hom een lang marteling is: “Ek het die lewe gehaat, want alles wat in hierdie wêreld gebeur het, het vir my sleg afgeloop.” (Vers 17).

Omdat ek op die plaas grootgeword het, het ek al dikwels terugverlang na die ongekompli-

seerde lewe wat ek daar leer ken het. Die plaaslewe wat ek onthou was gekenmerk deur 'n rustige bestaan waar boere met die minimum insetkoste kon boer. Hulle het hulle graan verbou, hulle vee geteel en kon dit winsgewend bemark. Selfs die kleinboer was in staat tot vooruitgang. En nou wil ek nie impliseer dat daar nie iets soos droogte of ander terugslae was nie. Dit was verseker toe ook 'n deel van die boer se risiko's. Hulle was toe egter nie so kwesbaar vir die moontlike terugslae as wat tans die geval is nie. Daar is seker vandag nog mense soos ek wat terugverlang na die geïdealiseerde plaaslewe van melk en heuning, maar intussen het die dinge op die plaas ingrypend verander.

In onderhoude tydens navorsing wat ek onder boere gedoen het, het ek onder die indruk gekom van hulle geweldige ontnugtering in die boerdery. Hulle het aangedui dat hulle aanvanklik met entoesiasme en toekomsideale begin boer het, maar dat die boerdery intussen ontaard het in 'n daaglikse oorlewingstryd sonder enige uitsig op nuwe doelstellings en hoop. Die boere vind hulleself ook in 'n groot mate vasgevang in hierdie situasie. Hulle is nie opgelei om 'n ander beroep te volg nie, maar bo alles is die boerdery in hulle bloed en het hulle 'n leeftyd in hulle bedryf belê. Daardeur is hulle onlosmaaklik aan hul grond verbind.

Hierdie scenario is maar 'n enkele

voorbeeld van wat vandag in soveel ander beroepsituasies aan die gang is. Die korporatiewe wêreld raak toenemend kompetend. En of jy nou 'n maatskappy besit, bestuur of bloot net 'n werknemer daar is, sal jy kan identifiseer met dit wat boere beleef in hulle bedryf. Want in die nimmereindigende gejaag na sperdatums, doelwitte, bemaking en verkope, kan dit wees dat iets van jou werksbevreëding, motivering, verlore geraak het. Sukkel jy dalk ook om die sin en betekenis van jou werk en jou lewe te verstaan, wonder jy of jy nie ook die punt bereik het om, soos die Prediker, alles waarmee jy jou in die lewe besig hou, te haat nie? Alles loop sleg af, alles waarvoor jy jou so afsloof, kom tot niks. Alles is 'n gejaag na wind. Jy het lewensmoeg geword, jy voel in 'n groot mate magteloos teen al die onveranderbare groothede soos inflasie, fluktuierende pryse, politiek, klimaat, ensovoorts waarmee jy daaglikse gekonfronteer word. Jy voel magteloos, moedeloos en oorweldig, want dit maak nie saak hoe hard jy probeer nie, dit lyk bloot of jy net nie in staat is om 'n verskil te maak nie - niks gaan verander nie. Jou emosionele reserwes het uitgeput geraak...

“Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig gehou het. Elke dag bring vir jou pyn en elke onderneming ergernis; selfs in die nag kom jy nie tot rus nie” (Vers 20 en 23). ☺





## Herontdek dít wat saakmaak

Ons doel is eenvoudig – om elke mens wat oor ons drumpel stap te hóór. Ons produsente en elke stadsjapie met 'n tuin, 'n huis en 'n passie vir die buitelewe... Ons sien uit daarna om jou te ontmoet by ons NAMPO Oesdag uitstalling.



67 HANDELAAR/ERS  
of produsente



GOOR DIEF  
Barnes & Goodwin



DEW STOP WINKEL  
Antiques & antiques

Besoek ons by die Hinterland-saal tydens NAMPO Oesdag en kom praat met ons produkspesialiste.

Visit us at the Hinterland Hall at NAMPO Harvest Day and talk to our product specialists.

Kontak ons by +27 18 464 7766  
of besoek ons webblad  
[www.hinterland.co.za](http://www.hinterland.co.za)

# Hinterland

Herontdek dít wat saakmaak



AFGRI Town&Country, FarmCity en Senwes Village is handelsmerke van Hinterland  
AFGRI Town&Country, FarmCity and Senwes Village are trademarks of Hinterland





# Geen idilliese landelike lewe: Dis tyd om die realiteit te besef!

JENNY MATHEWS

SEKERE VOORORDELE  
LAAT MY ROOI SIEN EN EK  
GLO DAAR IS SEKERE MITES  
WAARMEE DRINGEND  
WEGGEDOEN MOET WORD!  
EEN DAARVAN IS DIE IDEE  
DAT BOERE WAT DAAGLIKS  
HARD WERK OP DIE LANDE,  
'N VREEDSAME EN RUSTIGE  
LEWE LEI... HULLE SIT OP  
HUL TREKKERS EN NEURIE  
EN WANDEL RUSTIG  
TUSSEN HUL BEESTE WAT  
WEI... DIS 'N ILLUSIE WAT  
GOU AAN SKERWE MOET  
SPAT.

**D**it is eintlik harde werk - maar deesdae neem hierdie aktiwiteite slegs sowat 10% van die boer se dagboek in beslag! Moderne boere is waarskynlik besig met netwerk-aktiwiteite of hulle ondersoek nuwe presisieboerderybenaderings of bekom nuwe vaardighede, waarvoor die nuutste innovering en tegnologie gebruik moet word. Die boer spandeer baie selde 'n stil, afgesonderde

dag; hy is eerder in konstante kontak met tendensanaliste, diensverskaffers en markagente. Die daaglikse druk is hoog terwyl die boer alle pogings aanwend om teen alle verwagtinge in, te oorleef in 'n ekonomies en polities uitdagende omgewing. Geld wat eerder gespandeer kan word op plaasverbeterings of sosiale verantwoordelikhede, moet aangewend word vir verbeterde sekuriteit om die



Dit is nou tyd om te bid... en tyd om te praat. Ondersteun dus die organisasies wat jou 'n stem gee!

woonhuis te beveilig weens die toenemende gevalle van diefstal en bedreiging van persoonlike veiligheid. Die waarheid is: Boerdery vereis totale toewyding en daar is nooit een oomblik waartydens die boer hom nie hoef te bekommer oor een of ander besluit nie. Moet ons vandag, môre, volgende week plant/besluit/oes? Moet ek my oes vandag verskans? Gaan die pryse styg of daal volgende week? Moet ek alarms installeer vir verbeterde sekuriteit? Hoe effektief is sekuriteitsmaatskappye? Moet ek grond koop/verkoop? Hoe ernstig is hierdie bedreiging vir grondeienaarskap? Moet ek verkoop... of die regte ding doen en werk skep... maar dan is ek blootgestel aan arbeidsprobleme en plaaswerkers wat 'n aandeel in die boerdery moet kry... Ek kan skaars oorleef in die huidige ekonomie, hoe kan ek hierdie proses fasiliteer? Boere staan net soveel uitdagings in die gesig as 'n besigheidsman wat onder uiterste druk is om die antwoord vir oorlewing te vind en enigiemand wat glo dat boerdery 'n maklike loopbaan is... is blind vir die werklikheid!

Waaroor bekommer boere hulle tans? 'n Saak op almal se lippe is die grondkwestie. Menige slaaplose boer bevraagteken die wysheid daarvan om aan grond vas te klou wat moontlik sonder vergoeding onteien kan word...

Politieke analis JP Landman het hierdie saak ondersoek. Hy beklemtoon Zuma se SONA 2017-wens om "die grond aan die mense terug te gee op 'n Grondwetlike wyse" en die Minister van Grondsake, Gugile

Nkwinti, se uitspraak in die Algemene Vergadering dat " 'n pre-koloniale oudit van grondeienaarskap, gebruik en besettingspatrone" uitgevoer moet word en 'n wet ontwerp moet word wat die kwessie van grondrestitusie sonder vergoeding moet aanspreek. Hy wys daarop dat Ramaphosa die vraag omseil het toe hy uitgevra is oor onteiening sonder vergoeding deur te sê: " 'n Wysiging van die Grondwet is 'n strategie... die implementering van dit wat die Grondwet bepaal, is 'n ander strategie." Landman glo dat "die balans van magte tans daarteen is om die Grondwet te wysig". Dit word versterk deur die ANC beleidsdokumente wat vrygestel is, wat die volgende aandui: 'Daar is geen 'verandering in die Grondwet' of 'onteiening sonder goedkeuring'-voorstelle nie... Dit gaan oor 'gee die grond terug aan die mense op Grondwetlike wyses'. Landman beklemtoon ook Afdeling 25 (2) van die Grondwet, wat spesifiseer dat vergoeding 'regverdig en billik' moet wees. Die gewillig koper, gewillig verkoper-bedeling word nêrens in die Grondwet aangedui nie. Theo Boshoff van Agbiz beklemtoon dat Afdeling 25-'meganismes met sorg ontwerp is om transformasie en herstellende regverdigheid te verseker op 'n regverdige en billike wyse, gebaseer op internasionale norme en standaarde.'

By die 2017 Graan SA Kongres het Voorsitter, Jaco Minaar, beklemtoon dat die organisasie beslis NEE sê vir grondonteiening sonder vergoeding. Hy het beklemtoon dat 'n toenemende aantal plase in die mark beskik-

baar is om deur die regering gekoop te word vir grondhervormingsprogramme, maar hierdie geleentheid word nie gebruik nie. Minnaar het 'n stem gegee vir die oorweldigende druk wat deur boere ervaar word deur te assosieer met die wyse waarop boere sonder ophou in 'n negatiewe lig gestel word en gebrandmerk word as die sondebokke in die stadige grondhervormingsproses.

Die Landbouvooruitskouing, uitgegee deur BFAP (<http://www.bfap.co.za>), beklemtoon dat Suid-Afrikaanse landbou goed presteer het, ten spyte van wêreldmededinging en ongunstige klimaatstoestande, en is optimisties oor die vermoë van produsente om die voedselsekureitskwestie op te los. Dit beklemtoon egter ook dat onsekerheid onder boere oor die grondeienaarskapkwestie meebring dat boere huiwerig is om nuwe kapitaal te belê in projekte soos die vervanging van boorde, werkverskaffingspatrone of arbeidsiensiewe oeste. Die druk en verantwoordelikheid vir grondhervorming en transformasie wat op kommersiële boere geplaas is, blyk 'n poging te wees om die aandag af te lei van die inherente swakhede van mislukte implementeringstrategieë van die regering. BFAP sê: "Baie van die aspekte wat groei beperk het, kan omgedraai word deur 'n effektiewe burokrasie en duidelike en direkte leierskap" en "Klein dingetjies wat nie verdere versoeke aan die tesourie verg nie, maar slegs die herbelying van hulpbronne het die potensiaal om groot opbrengste te lewer deur potensiële groei te > VERVOLG OP BLADSY 56



> VERVOLG VAN BLADSY 55

ontsluit”.

Die huidige regering het die mandaat om 'n verandering te maak en hulle het ook die vermoëns... maar die wil om te implementeer is gehul in die mis van politieke ambisie en retoriek. Agri SA se Omri van Zyl sê dat boere met 'n gesamentlike stem moet praat en vrae aan die regering moet vra soos “Wat het met die fondse gebeur wat as droogtehulp belowe is?” en “Wanneer word beplan om infrastruktuur soos paaie te onderhou, wat krities is vir boerderysukses en waarvoor ons belasting betaal?” Dit is tyd om die regering aanspreeklik te hou. Hierdie kwessies gaan nie oor die kleur van ons vel nie - dit gaan oor die kern van die saak: Boere wil hê dat die landboulandskap moet transformeer, op 'n vreedsame wyse, en wil

in 'n omgewing wat bevorderlik is vir sukses vir alle partye, boer.

BFAP se boodskap aan die regering is eenvoudig: “Voorsien 'n bemagtigende omgewing ('n regering wat beter funksioneer, sonder rompslomp en oneffektiewe prosesse), implementeer 'n reeks modelle vir die oordrag van grond na begunstigdes en elimineer politieke beskerming van grondhervormings- en landbouprogramme. Dan sal ons 'n groeiende en vooruitstrewende landbousektor sien, wat vrugbare grond verskaf waarin boere hul

wortels kan anker.”

Dié visie behoort ruimte te skep vir boere om te kan hoop! “Daar is 'n seisoen vir alles en 'n tyd vir elke begeerte onder die son: 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterf; 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te ruk wat geplant is; 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak; 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou” (Prediker 3).

Dit is nou tyd om te bid... en tyd om te praat. Ondersteun dus die organisasies wat jou 'n stem gee! ●

56

**NARDI**  
HARVESTING

Cerealis

**Die Nr. 1 Sonneblomtafel!**  
**Voorraad NOU beskikbaar!**

**3 JAAR**  
**WAARBORG**

SUNSTORM

**Kontak ons vir meer inligting.**

- (082) 787 6718 Chris (Ooste)
- (082) 333 1330 Francois (Kzn)
- (082) 859 5982 Lourens (Sentraal)
- (082) 707 6051 Jonathan (Weste)



# 'n Pers mantel en 'n doringkroon?

LEES: Matteus 27:27-44

DS. WILLIE BOTHA



DIE GEBEURE IN MATTEUS 27 IS BY UITSTEK DRAMATIESE IRONIE. DAAR GEBEUR SOVEEL DINGE OP 'N HEELTEMAL ANDER MANIER AS WAT DIE LESER VERWAG.

**K**ort tevore het Jesus nog wonderwerke gedoen, die bewondering van die skare geniet toe Hy Jerusalem binnegekom het. Maar nou het die gety teen Jesus gedraai. Judas het Hom verrai en Petrus het Hom verloën. Van die ander dissipelkorps, wat Hy self uitgesoek het, was daar nie 'n teken nie. Waar skares Hom vroeër verdring het, was Hy nou alleen. Vroeër die magneet, en nou vergeet.

In die goewerneur se ampswoning trek hulle vir Jesus 'n pers mantel aan, 'n koninklike klee. Hy word verkleineer, want Hy is mos nie regtig 'n koning nie. Net so word 'n doringkroon en stok as septer aan Hom gegee. Hy word deur die heidense soldate bespoeg en bespot. Die mengsel van gal en wyn ver verwyder van die wonderlike wyn wat Hy in Kana uit water gemaak het, en waarvan die gaste nie genoeg kon kry nie. Die bordjie bokant sy kop - die koning van die Jode. Net die koning van die Jode? Dít is die dramatiese ironie. Hulle spot Hom vir soveel minder as wat Hy in werklikheid is. Geen klee in hierdie wêreld is die Seun van God waardig nie. Geen septer suiwer genoeg om in Sy hande geplaas te word nie. Geen edelsteen of edelmetaal dit werd om op Sy kop geplaas te word nie. Hy word gekruisig omdat hulle

gedink het dat Hy die koning van die Jode is, terwyl dit die Koning van die Wêreld is wat voor hulle hang. As ons verbaas was oor Sy nederige geboorte in 'n stal, wat sal ons sê as ons besef dat Hy in 'n atmosfeer van haat sterwe?

Die ironie strek verder: Verteenwoordigend van die mensdom spot almal Hom. Minstens moes die priesterhoofde, familiehoofde en skrifgeleerdes van beter gewees het. Trouens, hulle ken mos die wet en hulle het die Messias verwag. Dit is ironies dat hulle Hom nie herken vir wie Hy is nie. Ook dat Hy op 'n manier kon kom wat meer was as wat hulle verwag het. Neerhalend loop die gewones onder die kruis verby en skud die kop. "Ander het Hy gered, maar Homself kan hy nie red nie." Minwetend dat Hy juis daar hang vir die kopskuddendes, moordenaars langs Hom, die priesters, familiehoofde en skrifgeleerdes - en die soldate.

Wat dra Jesus vir jou? 'n Pers mantel en doringkroon? Is Hy vir jou 'n magneet, of het jy Hom vergeet? Wie is Jesus vir jou? Dalk net die koning van die Jode, lank, lank gelede? Iemand vir wie jy jou kop skud? Maar ek hoop Hy is vir jou soos wat Petrus Hom in Matteus 16:16 bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." En soos die offisier tot sy skok mos bely: "Hierdie man was werklik die Seun van God."



# Wen 'n kopie

## van Leandie du Randt se nuwe boek

**D**ie aktrise, Leandie du Randt, is tans besig om haar nuwe boek landswyd te bemark. Haar nuwe boek getiteld

*Gemaklik in Jou Eie Lyf*, *WEES DIE BESTE JY*, maak opslae sedert sy geskiedenis gemaak het om die eerste aktrise te word wat op 'n landswyd toer is om haar boek te bemark. Sy het nie minder nie as 35 optredes, waartydens sy ook oor die inhoud van haar boek gesels.

Leandie is alombekend vir haar rolle as Ivanka Gouws in die sepie *Binnelanders* en Mieke in die Afrikaanse reeks, *Getroud met Rugby*. Sy is dan te sien in die rolprente *Semi-Soet*, *Klein Karoo*, *Die Windpomp*, *Mooirivier*, *Strikdas* en *Hollywood in My Huis*, om net 'n paar op te noem. ●



58

### WEN MET SENWES EN LEANDIE DU RANDT

*Senwes Scenario* lesers staan 'n kans om 'n getekende eksemplaar van haar boek te wen. Een gelukkige leser kan 'n kopie van *Jou Eie Lyf*, *WEES DIE BESTE JY* wen.

**SMS slegs Senwes, Leandie, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 31 Mei 2017.**

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisiereëls, besoek die webtuiste [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).

**VISIT US  
AT NAMPO  
STAND  
227a**

**IU**  
**IRRIGATION  
UNLIMITED**

**OCMIS**

**TRAVELLING  
IRRIGATORS**

- Micro Rain 40/130
- Micro Rain 58/200
- R1/1-75/220
- R2/2-100/300

### CONTACT US

**Tobie van den Heever 0826586054**  
**Ryno Serfontein 079 777 9303**

**[www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za)**

## Vanaf Maartmaand in jou tuin

**L**aas Herfs is hier en dit is voorwaar 'n opwindende tyd op jou tuinkalender.

Dit is 'n perfekte tyd om jou agapanthus, Irisio Campanula en asters terug te sny, uit te haal en op te breek en terug te plant in baie goed voorbereide grond, kompos, organiese bemesting, ensovoorts.

Jou winter-/lentetuin moet ook nou beplan en voorberei word. Saai dus nou pronkertjies, papawers, primulas, fox gloves, larkspur en Namakwalandse daisies. Indien jy hierdie aanwysings volg, is dit regtig maklik en 'n plesier om die sade te sien ontkiem om volwaardige plante te word.

Dit is ook 'n goeie tyd om grassaad soos "shade-over" en "all season evergreen" te saai, aangesien dit beter ontkiem in koeler weer.

Plant nou bome en vorm struik sodat hulle kan vestig en 'n voorsprong kan hê as die lente begin.

Bemes die tuin liberaal aangesien dit die plante sterker maak vir weerstand teen die koue. Sit ook 'n dik laag *mulch* om die voete van die plante om hul teen die koue te beskerm.

Die wintergroentetuin moet ook nou reeds beplan word. Saai dus nou reeds jou spinasie, blaarslaai, beet asook die hele familie kool en uie.

### 'N PAAR LAASTE WITWARM VOORSTELLE

Indien jy bolle gaan plant, stof dit af met 'n insekdoder om te verhoed dat hulle aangeval en vernietig word deur wurms en insekte.

Maak al jou waterbakke, fonteine, ensovoorts skoon voor die koue ons tref.

Geniet die seisoen en hou aan tuinmaak.

Groete

Carl

## WEN met Hannon

### WEN EEN VAN DRIE HANNON GESKENKPAPKE

Die **HANNON Scar Repair Tissue Oil** absorbeer vinnig en funksioneer soortgelyk aan die vel se beskermende natuurlike lipiedlaag.

Dit bevat ook bestanddele wat kollageen en elastienvorming onder die vel aanhelp en so bestaande littekens en rekmerke verminder. Die effek is 'n vel wat aansienlik gladder vertoon met 'n meer eweredige tekstuur en kleur.

As gevolg van die kalmerende en bevoogten-de eienskappe van die **Hannon Scar Repair Tissue Oil**, help dit ook om velkondisies soos psoriase en droë ekseem te behandel.



**SMS Senwes, Hannon en jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31 022 voor 31 Mei 2017 om 'n kans te staan om een van drie geskenkpakke van HANNON Scar Repair Tissue Oil ter waarde van R275 elk te wen.**

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisiereëls besoek die webtuiste [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).

### DIE WENNERS VAN DIE VORIGE UITGAWES VAN DIE SENWES SCENARIO IS AS VOLG:

(Februarie/Maart 2017): **CUM:** Joey Delpont van Lichtenburg.

**Hannon:** Madelein Oosthuizen van Koppies en Jacoba Boshoff van Bloemfontein. **BAIE GELUK!**





# Om te blý hoop!

MILANIE VOSLOO

IN 'N WÊRELD WAAR ONS NIE ALTYD BEHEER OOR ALLES HET NIE EN DINGE SKEEF LOOP, KAN ONS MET TYE BELEEF DAT ONS MOEDELLOOS "GEHOOP" IS.

**V**erál as ons bid en voel of ons nie antwoorde kry nie, vra maar nie 'n uitkoms sien nie, met God probeer praat, maar beleef dat Hy vêr is. In sulke tye struikel ons oor eie ongelooft, ons twyfel, ongeduld... ons menslike moedeloosheid.

En dan – totaal onverwags en op 'n verrassende wyse – kom die antwoord. Wys God dat óns nie self kon nie, maar dat Hy kan. Dat ons menslike beperkinge ons verhoed het om kreatiewe antwoorde te kry, maar dat Hý alwetend is. Dat gebroke mense ontrou is, maar God... nóóit. Dan besef ons weer dat Hý toe wel in beheer is. Wêr beter geweet het. Die beste gedoen het. Op presies die regte tyd.

Ons as gelowiges se grootste uitdagings is dikwels om onself gedurig daaraan te herinner dat God Gód is. Dat Hy, wat die hemelruim geskep is, steeds die ganse skepping tot in die fynste detail onderhou. Dis die onthou van gister se trou, wat ons laat besef dat Hy ook die God van môre is. En dis die stille wete dat Hy groter is as al ons uitdagings wat ons help om te blý hoop.

Die waarheid is: Jou God ken jou soms moedeloos-wees en onbeantwoorde vrae. Maar jou Vader weet ook wanneer jy, jou situasie, die mense om jou, die lewe... die ewigheid... gereed is vir die regte antwoorde.

Mag jy aanhou hoop. Selfs wanneer jy niks verstaan nie; wanneer jy antwoordloos die toekoms instaar; wanneer daar geen bewyse is nie. Mag jy juis dán bly vashou aan die wete dat die opgestane Here jou steeds veilig in Sy hand hou en dag na dag met jou 'n pad loop.

**Onthou vandag: Daar is nie 'n einde nie... totdat God so sê. Dit is nie donker nie... want die Lig bly steeds daar. Die toekoms is nie hopeloos nie... Die Hoop is in ons.**

*Vader – dankie dat ek met vertroue kan hoop; met verwagting my pad kan loop. Omdat ek U kind is. U my hoop is. ●*

## Wen 'n boek

**STAP DIE PAD** na vrede saam met Milanie Vosloo en die God van vreugde. In *Jou Voetpad na VREDE* vertel sy dat God wil hê Sy kinders moet deur Hom gelukkige en vervulde mense wees.

Die 366 dagstukke bespreek verskeie temas soos hoop, eerlikheid, nuut glo, gee en ontvang, geluk en jy kan maar net jý wees. Hierdeur sal lesers die versekering ontvang dat gelowiges weer kan probeer omdat ons onder God se vergifnismantel leef, dat daar altyd hoop is ten spyte van donker oomblikke en dat ons mense met rustigheid kan wees omdat God ons lei.

Milanie se gebed vir haar lesers is dat *Jou Voetpad na VREDE* hulle sal oortuig dat God hulle nooit uit Sy hand sal laat val nie en dat hulle opnuut bewus sal word van Sy liefde en genade-arm om hulle.



Die boek behels 366 dagstukke in 'n lekerlees 412-bladsye uitgawe waarvan die vrystellingsdatum in Augustus is. Dit sal vir R189.95 op die rakke wees. Die boek volg op Milanie se *Sielskos vir die vrou wat lééf, Laat Sy liefde jou lei, Gekoester in God se liefde, Moed vir elke môre, Net soos jy is en Sielsgedagtes*.

**Wen met Senwes en Cum Uitgewers.** Een gelukkige leser kan 'n kopie van *Jou Voetpad na VREDE*, 366 koesteroordenkings op jou reis saam met die God van vreugde, wen. SMS Senwes, Cum, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 31 Mei 2017.

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisieëls, besoek die webtuiste [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).

« Wat beteken  
**verbeter** vir jou?

... om oneindige  
**moontlikhede** in 'n  
**sandkorrel** te sien. \* »

Ons by **Kynoch** sê dankie aan julle, die nasiebouers, dromers, visionêre, diegene wat ten spyte van teëspoed die potensiaal van 'n harde landskap raakgesien het en steeds 'n saadjie vir toekomstige geslagte geplant het. Ons haal ons hoed af vir jou, die voedselprodusent.

**Kynoch** streef daarna om ons voedselprodusente op die voorpunt van volhoubaarheid te ondersteun deur verbeterde doeltreffendheid, deur innovasie. Om te verseker dat môre se opbrengs vandag se oorwinning is.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | [info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za) | [www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)



\*Geïnspireer deur 'n William Blake gedig.

Farmisco (Edms) Bpk h/a Kynoch Fertilizer  
Reg. No: 2009/0092541/07

# OUR HERITAGE - YOUR FUTURE.

RED/SEPTEMBER/JBI 268/ENG



## #ourheritageyourfuture

Visit us at Nampo 2017 to find out more about how our technology can help you increase productivity, increase efficiency and save on costs.



**JOHN DEERE**



Customer Care number: 080 098 3821  
www.deere.co.za | Africa@Johndeere.com | #JohnDeereAfrica